**CACHET APTEEK**
U Plus Apteek
**TOMSTRAAT 92**
**Tel. 4201**
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
ASPU
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.
JAARGANG XXXIII NOMMER 10 23 JUNIE 1978

**PUKKE!**
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
**Johan Claassen Broers**

# Wen Guerrilla-oorlog só

**'n Totale, indirekte aanslag op alle gebiede en die oplossing daarvoor is deur kol. Van der Waals op 'n Kontakpolitiekvergadering op Maandag, 19 Junie 1978, bespreek.**

"This is as war for the hearts and minds of the people." Hierteen moet teen-insurgensie, dit is die volle reeks maatreëls wat politieke, ekonomiese, sielkundige, sosiologiese en militêre faktore insluit, toegepas word.

Kol. Van der Waals onderskei tussen drie vorme van konflik:

* **sielkundig:** dit behels propaganda om swart massa op te sweep en die blankes se wil tot weerstand te verbreek.
* **rewolusionêr:** dit behels terrorisme;
* **konvensioneel:** hier word kortpad na mag geneem deur tenks, artillerie.

In SA het ons te doen met 'n rewolusionêre oorlog: dis nie bloot 'n terroriste-aanslag wat die Weermag kan afweer nie, maar is ook ideologies van aard. Dit dui op doelbewuste pogings om politieke mag d.m.v. onwettige en dwangmiddels te bekom; die bestaande regering en sosiale strukture te vernietig en te vervang. Die doel is dat georganiseerde rebelle die beheer oor die volk van die land kry en dus die wettigheid van die regering ontken. Dit word ondersteun deur en is die strategie van die kommunisme.

Vir kol. Van der Waals is daar nie 'n guerrilla-oorlog wat nie gewen kan word nie: enige oorlog kan nie verloor word, solank die moraal van die volk nie verkrummel nie. Wat ons dus te doen staan, is:

* verhoed die oorlog;
* neem in ag dat dit 'n oorlog vir die emosie van die mens is;
* regering moet alle "barste in die sosiale struktuur" voorkom;
* die soldate kan nie alles doen nie: die volk moet ingelig en oorreed word; die linkse opposisie moet nie saam loop met die rewolusionêres in die veroordeling van die regering nie (bv. stryd teen Dept. Inligting!)

Die eienskappe van die oorlog is:

* die volk is die medium van die stryd: nie tenks nie, maar emosies word gebruik;
* die stryd is lank en uitgerek om volk te ontsenu en hul wil tot weerstand af te breek: "nog 'n seun het gesterf . . ."
* is uiteindelik gemik op rewolusie;
* is volgens kommunistiese resep;
* het eksterne bande en word ondersteun deur kommuniste.

Die fases van dié oorlog is vir kol. Van der Waals die volgende:

* die plaaslike sel van die kommuniste party probeer aanhang onder die volk verkry;
* selektiewe terrorisme saai onstabiliteit en paniek (Rivonia?)
* guerrilla-oorlog: bendes val aan en trek terug vanuit strategiese basisgebiede ("rival states") om die land uit te put;
* konvensionele oorlog: tenks, grofgeskut.

Suid-Afrika is die skyf van twee vorme van rewolusie:

* as die tuislande "rival states" word, kan die strategiese basisse vir rewolusionêre oorlog op die platteland wees (Mao);
* die stedelike situasie leen hom tot rewolusie van die stedelike proletariaat (Marx).

Omdat die rewolusie nie gewen kan word sonder beheer oor die volk nie (Mao: "the population is the battlefield"), moet nie bloot militêr opgetree word nie, maar moet die sielkundige inisiatief herwin en behou word. (Hy beweer dat SA nie vroegtydig uit SWA moet onttrek nie, omdat dit 'n "Boere-het-gehardloop"-klimaat kan skep). Militantes moet dus onderdruk word; die regering moet bewys dat hy die wil en vermoë het om die vyand te verslaan. Die maksimum vriendskap en gesprek moet met die volk aangeknoop word.

Rewolusionêres in SA en SWA tree op waar die bevolking die digste is: Ovambo, Soweto, . . . Om dus die bevolking se guns te kry, is dit die plig van elke man en vrou om hulle te oorreed dat rewolusie slegter is as huidige situasie; dat rewolusionêres die gesamentlike vyand van wit én swart is. Hierdie aanklag moet nie bly staan nie: "SWAPO praat met ons, die Boere nie; hoe moet ons julle begryp?"

*Kampus Truie beskikbaar teen R15.95*



**POTCH SPEED DEN**

Motortoebehore en -radio's: Winkel 26
Indiërsentrum
Tel 4713
POTCHEFSTROOM

*KOOP VOOR 3 JULIE VOOR 4% BELASTING*



| | | |
|---|---|---|
| FM Blaupunkt motorradio met toonkontrole. Een per klant. **R32,50** | Rubber- en staalstofskerms. Stel van vier. **R7,50** | Volgesigvalhelm **R39,00** |
| 3-Band draradio (FM, SW, MW) Bekende fabrikaat. Slegs **R30,00.** | Sharp FM motorradio Pre-select (1 jaar waarborg) met toonkontrole. **R36,00** | Skaapvelle 100% wol Mercedez tipe **R39,00** Gewone met blokkies **R26,00** |
| LH Super BASF kasette en lewenslange waarborg 3vir **R5,00** | Bardahl-olie byvoegmiddel B1 of B2 Slegs **R2,49** | Misligte volledig met Q1-gloeilampe en skakelaar. **R29,95** vir 'n stel |

*Ons het 'n volle reeks olie- en lugfilters, punte, vonkproppe, kondensers, skokbrekers vir alle motorfabrikate in voorraad.*

**ONS PRYSE KAN NIE GEKLOP WORD NIE.**

# *Pukke stem vir Monstervergadering*

**'n Versoek vir 'n monstervergadering is aan die SSR gerig en aangesien meer as 100 stemgeregtigde studente die aansoek onderteken het, is die aansoek toegestaan.**

Die motivering vir die aansoek was:

* Die fiasko wat rondom die Pukkies ontstaan het in die lig van die feit dat Puk skade berokken is deur onoordeelkundige optredes.
* Die afskaffing van die dra van denims wat getuig van 'n regering van die massa se belange.
* Die ignorering van die massa se standpunt aangaande die ou tradisionele dansprobleem.
* Die vraagteken wat hang oor die mate waarin die massa se belange in bogenoemde sake geken is.
* Die suiwering van die hele troebel situasie wat ontstaan het rondom bogenoemde probleme ten einde 'n beter algemene atmosfeer op die Pukkampus te skep.

Volgens hierdie studente wat die aansoek gerig het, is die doel nie om revolusionêr van aard te wees nie, ook nie om weg te breek van bestaande daargestelde owerheidsinstansies nie, maar om beter begrip en kontak tussen studenteleiers en studentemassa te bewerkstellig.

Die vergadering sal nie sondermeer geslote wees nie.

Die sakelys behels die volgende:

* Pukkies se dispatronering.
* Beweerde afskaffing van denims
* Dansproblematiek
* Praktiese oplossing

Die vergadering sal om 18h30 in die Totiussaal plaasvind en is geslote vir die pers.

# Studente ontketen 'n Prysoorlog

**'n Nuwe toevoeging tot die lys sleepsels op die Bult is die nuwe Langsleep van Dawie Venter, 'n student aan die PU.**

Dawie swot voltyds B.A.-Beplanning en gaan terselfdertyd voluit vir Langsleep. Hy voorsien gekookte etes teen R1 aan studente. Sy prys het tot gevolg gehad dat die ander kafees se pryse radikaal verander het. Uitsig vra 90c en Uitsleep 85c.

**Na dese**

Dawie sê daar was oorspronklik 60 persone wat daar geëet het en na die prysvariasies voorsien hy nog steeds vir die gewone aantal daagliks. Hy doen ook spysenering vir studentefunksies en afskeidsdinees.

Dawie gebruik saans studente om te bedien. Hy oorweeg dit om later net van studentehulp gebruik te maak.

Dawie oorweeg ook 'n uitbreiding van Langsleep maar dit moet eers wag tot ná die opening van die Studentesentrum.



*'n Langsleep-melkskommel.*

# Affikampus

INTER UNIVERSITÊRE REDAKSIE

## *STUDENT 78 AAN WERK*

**Die student van 1978 bepaal hom intens by sy studies in vergelyking met die van die vroeë sestigerjare.**

Die verandering kan toegeskryf word aan die huidige ekonomiese reses. In die vroeë sestigerjare was werk, sowel as beurse volop en die studente kon dit bekostig om 'n "blommekind-bestaan" te voer. "Die tyd en geleentheid is nie vandag daar om te peins nie" volgens prof. Evans van die Universiteit van Toronto in Kanada.

'n Groot aantal studente van die universiteit studeer deeltyds. Hulle werk as nagwagte, petroljoggies en deurwagte om hul studiekoste te dek.

Die student van 78 is doelgerig as gevolg van die werktekort. 'n Student moet uitstaan in sy kursus om van 'n werk verseker te wees.

Die student studeer onder druk om die hoogste sport te behaal. Onder die studente is daar ook 'n toenemende tendens om by godsdiens van enige aard ook al in te skakel, volgens prof. Evans.

## *Maties in Chili*

**'n Uitnodiging is aan die Maties gerig om in Suid-Amerika te gaan toer.**

Die rugbyspan sal ses of sewe wedstryde speel, een elk teen Paraquay, Uruquay en Chili. In hierdie lande sal hulle ook teen 'n uitnodigingspan speel.

Die span is nog nie finaal saamgestel nie en sal hoofsaaklik uit die Victoriane en tweedespan bestaan.

## 3 000 BESOEK SENTRUM

**Die Kovsie-studentesentrum blyk 'n groot sukses te wees volgens mnr. Dries van der Westhuizen, die Bestuurder van die sentrum.**

Die studentesentrum beskik oor 'n ruim kafeteria met 312 sitplekke, 'n ouditorium, biljartkamer, vergadersaal vir die SR, klein sitkamers en groot saal vir massavergaderings.

Die doel van die sentrum is om as vergaderplek vir die studente te dien. Bykans 3000 studente besoek die sentrum daagliks.

Danse, massavergaderings en ander byeenkomste laat die syfer aansienlik styg.

Benewens al die "gewone" in 'n kafeteria verskaf die kafeteria die baie gewilde "Shimla".

Die sentrum verskaf tussen 120 en 130 etes aan die stadstudente.

## Kovsies bewus van politiek

**Kovsies moet meer bewus gemaak word van landspolitiek. Dit is die mening van verskeie Kovsies wat onlangs in 'n meningsopname betrek is.**

Volgens mnr. Willie Claasen moet die Raad slegs aanbevelings maak en nie politieke uitsprake doen nie.

Die SR moet nie slegs 'n administratiewe rol beklee nie maar moet ook die student lei op politieke gebied.

**PRO REGE**

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

PRO REGE-PERS BEPERK

"die Potchefstroomse boekhandel"

**Tomstraat 86 Potchefstroom**
**TEL. 8875**



● *Dr. Johan de Villiers dirigeer lede van die Stellenbosse Universiteitskoor. Hierdie bekende koor sing op 27 Junie in die Konservatoriumsaal van die Potchefstroomse Universiteit vir CHO in Van der Hoffweg, Potchefstroom.*

# Stellenbosse Koor is bedrywig

**Volksliedjies uit Macedonië (in Joego-Slawië), Owambo (in Suidwes) en Andalusië (daardie kleurryke deel van Spanje) is op die program wat die Stellenbosse Universiteitskoor op 28 Junie in die Konservatoriumsaal van Van der Hoffweg, Potchefstroom, aanbied. Die dirigent is dr. Johan de Villiers.**

Die vier Owambo-volksliedjies wat die koor uitvoer, is deur 'n blanke onderwyseres aan 'n skool op Ondangwa naby die noordgrens van Suidwes opgeteken, en word nou vir die eerste keer deur 'n Westerse koor gesing nadat dit vroeër vanjaar spesiaal vir die Stellenbosse Universiteitskoor verwerk is.

Op die koor se program is ook Italiaanse en Engelse madrigale, Neger-Spirituals, 'n werk van die altyd gewilde Stephen Foster en vrolike volksliedjies uit Israel. Die gewyde deel van die program sluit in die pragtige Passie-Koraal uit die Mattheüs-Passie en die Slotkoraal uit die Johannes-Passie, albei van J.S. Bach; asook 'n uittreksel uit die Groot Aand- en Oggendlofsang van Sergei Rachmaninoff, die Kyrie Eleison van Hans Leo Hassler, die ses-stemmige motet Haec Dies van William Byrd, en motette van Anton Bruckner en Francis Poulenc.

Die koor, wat hom hoofsaaklik toelê op a cappellawerke, sing in agt tale.

Al 65 die koorlede is ingeskrewe studente aan die Universiteit van Stellenbosch. Die koor, wat 42 jaar gelede gestig is, is een van die oudste en bekendste kore in Suid-Afrika. Twee van die vorige dirigente is proff. Gawie Cillié, tans hoof van die Departement Kerkmusiek aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, en Philip McLachlan, die hoof van die Departement Skoolmusiek op Stellenbosch.

Die huidige dirigent, dr. Johan de Villiers, het ná sy skoolopleiding aan Grey Kollege in Bloemfontein, gestudeer aan die Universiteit van Stellenbosch, voordat hy in 1974 sy doktorsgraad in toegepaste wiskunde aan die Universiteit van Cambridge verwerf het. Dr. De Villiers is 'n kleinseun van wyle ds. M.L. de Villiers, wat Die Stem van Suid-Afrika gekomponeer het; en sy vader is mnr. Dirkie de Villiers, hoof van Musiek in die Vrystaatse Onderwysdepartement, en aanbieder van die Sondagaand-televisieprogram Tema met Variasies.

Die Stellenbosse Universiteitskoor het reeds vanjaar 'n uitvoering aangebied in die Oude Libertas-amfiteater op Stellenbosch (waar hulle die eerste somerseisoen van dié unieke nuwe buitelugteater teen die hang van Papegaaiberg afgesluit het); en teen die einde van verlede maand het hulle opgetree in 'n spesiale program tydens die ingebruikneming van die Universiteit van Stellenbosch se nuwe Konservatoriumgebou. Op 10 Junie tree hulle in Kaapstad op in 'n Kruik-aanbieding, Die Komponis aan die Woord.

Die uitvoering in die Konservatoriumsaal op Potchefstroom vorm deel van 'n konsertreis wat die Stellenbosse koor deur Noord-Kaapland, die Vrystaat en Transvaal onderneem. Die Matie-koor tree onder meer op in die Odeion in Bloemfontein, die Musaion in Pretoria en die Johannesburgse Stadskouburg.

Kaartjies vir die Potchefstroomse uitvoering kos R1, R2, en R3. Plekbesprekings kan gedoen word by die Konservatorium van die Potchefstroomse Universiteit vir CHO, in Van der Hoffweg.

## *SR vloei saam*

**Tuks se Sentrale Studenteraad het op 'n seminaar besluit dat lede van die Buitemuurse SR die vergaderings van die Binnemuurse SR kan bywoon.**

Tukkies het tans drie Studenterade – die binnemuurse; buitemuurse en die oorkoepelende SSR.

Die afgelope tyd het daar stemme opgegaan om die nodigheid van die drie SR's bevraagteken. Die lede is van mening dat dit 'n duplisering van werksaamhede tot gevolg het.

Die Binnemuurse VSR voel dat daar net een VSR moet wees met Buitemuurs as 'n kiesafdeling.

Die voorstelle word aan 'n tydperk van proefneming onderwerp.

## *Studentepublikasies ondersoek*

**"Die verbod op studentepublikasies is 'n bewys van die aanslag op die groeiende studentepers," volgens mnr. Avron Goldberg.**

Die redakteur van "Varsity" koerant van die Ikeys, mnr. Richard Wicksteed, sê dat SASPU (South African Student Press Union) die laaste anker is.

Hy beskou die klopjagte van die Veiligheidspolisie op "Varsity" se kantore as 'n manier om self sensorskap by die pers af te dwing.

## *Fiesta '78*

**Fiesta '78 word vanjaar vanaf 3-7 Julie op die Tukkie-kampus aangebied.**

Dié ASB-projek behels onder andere Pistoolskiet, Valskermspring, rottangwerk, sjarme en onthaalkuns.

# SWA MOET KIES



*Manie Meyer gesels met mnr. Jamie de Wet in Karlien se sitkamer.*

**Die uitstelling van die verkiesingsdatum is besig om SWA veel skade te berokken. Die Suid-Afrikaanse regering moet aan die Weste 'n keerdatum stel vir die verkiesing.**

Mnr. J. de Wet, Hoofbestuurslid van AKTUR, het op 15 Junie die saak van AKTUR gestel tydens 'n aksie van die Programvergaderingskomitee. Hy het, as Kommissaris-generaal van Inboorlingvolke in SWA, die inisiatief geneem vir die Turnhalle-beraad en het mense oorreed om die beraad by te woon.

Volgens mnr. De Wet kan die Suid-Afrikaners hulle nie losmaak van Suidwes ná onafhanklikwording nie. Suid-Afrikaners moet toesien dat SWA hierdie pad enduit loop.

Toe die druk op SWA te sterk geword het, het die blankes die inisiatief geneem om leiers van verskillende bevolkingsgroepe byeen te bring sodat hulle kon besin oor die toekoms. In 1975 is besluit op 'n interimregering wat op eerste vlak uit 'n kabinet van elf ministers (een uit elke bevolkingsgroep) bestaan. Op tweede vlak besluit verteenwoordigers uit elke bevolkingsgroep oor interne sake.

Sedertdien is die Interimregering deur SA afgestel. 'n Administrateur-generaal is gestuur om 'n verkiesing uit te skryf. VVO-verteenwoordiging is toegelaat sodat intimidasie van beide kante uitgeskakel kan word. SWAPO is ook toegelaat om aan die verkiesing deel te neem.

Die nuwe Republikeinse party het besluit dat die grondwet opgestel deur die Turnhalle, nie meer aanvaarbaar is nie. Volgens hulle moet sommige funksies verskuif van die eerste vlak na die tweede vlak. 'n Onderhandelingskomitee wil daardie punte van die grondwet, waaroor almal saamstem, gebruik in die verkiesing. Dit sal 'n verenigde front teen die vyand skep. Die blankes wou die ultimatum nie aanvaar nie. Dit het gelei tot die stigting van die Demokratiese Turnhalle Alliansie.

Volgens mnr. De Wet het die uitgangspunte van die DTA egter verkrummel. Dit is nie meer demokraties nie. Daar is weggeskuif van die oorspronklike Turnhallebeleid en dit is nie meer 'n alliansie nie omdat hulle nou een veelrassige party nastreef.

Hy is bekommerd oor bewindsoorname deur die NNF omdat dit 'n regering sal daarstel wat heeltemal onervare is en 'n disintegrasie van die huidige orde sal veroorsaak. Hulle beleid stem in hoofsaak ooreen met dié van SWAPO behalwe dat SWAPO hulle doel deur geweld wil bereik.

Idealistiese en praktiese beginsels moet van mekaar geskei word in die daagliks veranderende klimaat van SWA. Daarom het AKTUR besluit om voorsiening te maak vir die mense wat werklik vertroue in die Turnhalle het. AKTUR sluit swart, wit en bruin in. Hulle word egter dikwels beskuldig van bemoeiing met die blankes alleen. Hulle besef dat SWA die pad wat hy gekies het moet aanvaar. Dit sluit noodwendig 'n veelrassige regering in.

Die funksies van die verskillende vlakke kan later bepaal word. Hulle stel dat die primêre behoefte tans in SWA handhawing van wet en orde is. Westerse intimidasie sal die verkiesing bemoeilik en moet uitgeskakel word. 'n Mate van ekonomiese bedrywighede moet gehandhaaf word. Die administrasie mag ook nie in duie stort nie.

# FILATELISTE TREK SAAM

**Die jaarlikse nasionale seëluitstalling vind vanjaar vir die eerste maal in Potchefstroom plaas. Die uitstalling, wat die hoogtepunt vorm van die jaarlikse filateliese gebeure in Suidelike Afrika, word van 5 tot 8 Julie in die Sentrale Eetsaal van die PU aangebied.**

Die uitstalling word gereël en aangebied deur die volgende verenigings:

Filatelistevereniging van die PU vir CHO
Filatelistevereniging van die POK
Mooirivier Posseëlklub
Klerksdorp Philatelic Society

Die Reëlingskomitee staan onder die voorsitterskap van mnr. Gawie van der Walt van die Mooirivier Posseëlklub.

Die Filateliese Federasie van Suidelike Afrika, wat die beheerliggaam van seëlklubs in Suidelike Afrika is, vier vanjaar sy Goue Jubileum en om dit te herdenk word daar op 4 Julie 'n dinee gehou by 'n plaaslike hotel in Potchefstroom, waartydens die Minister van Poswese, mnr. F.W. de Klerk, as gasspreker sal optree.




*Voorbeeld van die spesiale datumstempel wat slegs op 4 Julie gebruik gaan word ter viering van die Filateliese Federasie van Suidelike Afrika se Goue Jubileum.*

Die seëluitstalling is besonder omvattend en 'n wye verskeidenheid seëls sal te sien wees. Daar is 149 versamelings ingeskryf vir die kompeterende afdeling en saam met die Erehof en niekompeterende afdeling word 'n totaal van 606 rame gevul wat die hele vloeroppervlak van die Sentrale Eetsaal beslaan.

Van die skaars en uiters waardevolle seëls wat vertoon sal word, is onder andere die versameling Kaapse Driehoekseëls van mnr. Kobus Esterhuysen, 'n tematiese versameling oor die Olimpiese Spele van mnr. Harry Beinart,, 'n versameling oor Tweede Vryheidsoorlog-posstukke van mnr.




*Voorbeeld van die spesiale datumstempel wat tydens die nasionale seëluitstalling Potch-'78 gebruik gaan word.*

Joh Groenewald en 'n versameling oor Cyprus van mnr. Cruttwell van Engeland.

Twaalf seëlhandelaars, waarvan drie vanaf Engeland, sal ook stalletjies beman tydens die uitstalling vir die koop en verkoop van seëls. Benewens Suid-Afrika se eie posadministrasie sal die posadministrasies van Botswana, Lesotho en Rhodesië ook seëls te koop aanbied.

Vir die duur van die seëluitstalling sal daar ook, soos met vorige seëluitstallings, 'n spesiale gedenkkoevert met 'n spesiale stempel te koop aangebied word.

Sedert 1976 gee Filateliestigting ook 'n spesiale gedenkvelletjie tydens elke jaar se seëluitstalling uit. Op hierdie velletjie word ou afgekeurde ontwerpe van seëls in die verlede uitgebeeld. Velletjie no. 3 sal vanjaar tydens die uitstalling te koop aangebied word.

Beide die gedenkkoevert en gedenkvelletjie sal per pos bestel kan word van: Intersapa, Privaatsak X496, Pretoria 0001.

Die uitstalling word op Woensdag 5 Julie geopen deur Adjunk-Minister Louis le Grange om 10h00. Die uitstalling sal daagliks oop wees vanaf 10h00 tot 18h00. Toegang sal R1,00 vir volwassenes bedra wat 'n katalogus en twee ongedienste koeverte insluit.

Nie alleen figureer die Universiteit deur as gasheer van Potch '78 op te tree nie, maar verskeie lede van die Reëlingskomitee is ook Pukke: die voorsitter, mnr. Gawie van der Walt, is 'n PU-apteker, mnr. Gert Kamffer, voorsitter van die PU-filateliste, is 'n MA-geskiedenisstudent en prof. A.J.E. Sorgdrager, voorsitter van die Mooirivier Posseëlklub, is hoof van die departement Bedryfsrekeningkunde aan die PU. Prof. Sorgdrager is 'n bekende filatelis, wat onder meer alreeds bekronings op verskeie internasionale seëluitstallings verwerf het.




*Voorbeeld van miniatuurvelletjie no. 3 uitgegee deur die poskantoor wat tydens die uitstalling te koop sal wees.*

## *Gesondheidsweek is lewendig*

**PASV se werksaamhede vir 1978 het 'n hoogtepunt bereik met die aanbieding van die Gesondheidsweek van 22 tot 25 Mei 1978.**

Onderwerpe wat bespreek is, het gewissel van Interdissiplinêre samewerking en volksgesondheid tot veneriese siektes. Mnr. S.C.A. Eckley van die Departement Maatskaplike Werk het die week se program ingelei oor die kwessie van interdissiplinêre samewerking tussen verskillende beroepe. Hy het dit beklemtoon dat sulke samewerking kan lei tot die bevordering van volksgesondheid.

Prof. Coertze van die Departement van Verpleegkunde het die week afgesluit met 'n hoogs interessante praatjie oor veneriese siektes.

Sy het onder meer gepraat oor die simptome, oordraagbaarheid en behandeling van die siektes. Dit is beklemtoon dat dit belangrik is dat mense wat miskien deur die siektes besmet is so gou as moontlik hulp moet soek voordat die toestand vererger.

Die ander twee onderwerpe wat tydens die week bespreek is, het gehandel oor homeopatie en chiropraktika en geestesafwykings by mense.

'n Film oor die gemeenskapsbehandeling van psigote is vertoon. Daar is ook verduidelik dat 'n kleptomaan se optrede impulsief is, terwyl dié van 'n psigopaat goed deurdag is.

In die bespreking oor homeopatie en chiropraktika het dit geblyk dat homeopatie nie die mediese professie se plek wil probeer oorneem nie. Die homeopate behandel ook nie 'n mens se siekte nie, maar wel die simptome van 'n persoon se siekte.

Die gesondheidsweek is deurentyd goed deur studente bygewoon en die lesings is gekenmerk deur lewendige vraesessies ná die tyd.



# ASTER BLY AAN DIE BRAND

Aster is druk besig met twee ambisieuse projekte. Daar word deur gesprekke tussen HK's en bediendes probeer om verhoudinge te verbeter. Ook gaan Aster 'n simposium aanbied met die tema: Studentedame, wat maak jy op jou kampus?

Die skakeling met die bediendes van elke koshuis deur die HK's sal deur Aster-lid gelei word. Hulle sal in groepies van twee, drie verdeel word en daar sal gevra word na hul persoonlike besonderhede: wie is hulle, waar gebore, hoeveelste kind, . . . Dan kom hul werk onder die soeklig: hoe lank werk hulle vir die PU, is hulle gelukkig, wat is die werksure. Aster beoog om die volgende sessie 'n politieke strekking te gee deur hul politieke belangstelling en kennis te toets. Daar sal ook gepoog word om die politieke struktuur in SA aan hulle te verduidelik.

Die simposium word die naweek van 29 Julie aangebied. Dit sal bygewoon word deur dames van ses ander universiteite (w.o. Rhodes, Stellenbosch). Vrydagaand braai die HK's, Aster en die dames van ander kampusse vleis. Saterdag tree die volgende sprekers op: dr Rena Pretorius, dr. Pieter Mulder, mej. Sanet Lombaard. Ná 'n poësieprogram gee prof. Tjaart v.d. Walt 'n toekomsblik. Die simposium word formeel afgesluit met 'n dinee die Saterdagaand. Dames wat belang stel, moet hul Aster-verteenwoordigers kontak.

# 'N VOLUITGAAN VAKANSIE LÊ VOOR

So teen die derde dag van laat-lui opstaan, met ontbyt in die bed en niksdoen en slaap, is vakansie ook nie meer lekker nie. Die kinderprogramme en die laataandse tweede nuus is dan glad ook nie meer snaaks nie en jou ma se geduld is ook glad nie meer so eg as die tweede dag nie. Al die Puk-nusies is oorvertel: van die trompoppies tot by Olga se lelike verloofring; en dan begin die verveling! Al jou pa se ou Landbouweekblaaie word deurgelees asof jy jou MA-verhandeling doen oor Manie se Opsitkers en later weier jou maagspiere om saam te trek vir 'Rod se Raad' en Ena se verspottighede.

Toe begin jy dink: eerder as om die orige drie weke só gefrustreerd deur te bring, gaan jy:

- begin met 'n streng gebalanseerde dieet (vir die soveelste maal), dit is beslis nodig, want in die winkels is daar al lente-los-rokke en om jou middel nog winterrolletjies!
- alle moontlike kennis oplees oor Bianca Jagger vir die nodige inspirasie
- 'n album van al jou skoolherinneringe maak, want dit word gestoor in sewe skoendose wat nou al drie jaar in jou ma se pad staan
- 'n hele bak souskluitjies maak vir jou boetie wat in die 'army' is, as hy 'n naweek kom kuier.
- besin en diep dink oor jou verhouding met Dirk-/Peter/Diter en besluit dat dit nonsens is om so baie skryfpapier te mors en jy kan jou pa se telefoonrekening sommer terselfdertyd laat krimp.
- elke aand ten minste 'n uur lank muurbal te gaan speel en die ou wat lyk asof hy wolpakke adverteer, met die Joodse neus, terstond te ignoreer
- jou ma op haar rug te laat val soos Eli van ouds as jy begin om 'n skinkbordlappie te borduur
- omdat jy niks van Bob Dylan weet nie, al sy plate by die plaaslike biblioteek te gaan uitneem en te luister tot jy kan saamsing
- alles op te lees oor veiligheidswetgewing en sensuur.
- nooit na 'n populêre versoekprogram te luister nie, maar wel laatnag te sit en verlang na iets onsêbaar terwyl harpmusiek speel
- nooit jou hare met elektriese krullers in te draai nie, maar met jou natuurlike kroesies te loop al vra julle buurtannie vir jou kleinboetie wat met jou gebeur het
- 'n lewerpatee te bak en al flop hy hom vir jou familie voor te sit (gelukkig is jy op dieet!)

En as daar nog tyd oor is:
maak papiervliegtuigies en luister na Min Shaw
of
maak asof jy jou verheug in jou ringlose linkerhand
of
wees régtig bly jy kan nog droom oor hoe sy lagplooitjies eendag moet lyk.

Maak elke vakansiedag 'n onthoudag!

# 'N WINTERSBLOM VIR 'N WINTERSDAG

As ek eendag aftree, gaan ek my toelê op die kweek van heldergeel en sonoranje winterblomme wat die ryp van Potch kan trotseer. Alla! dis darem te erg – nêrens op straat is daar 'n roos of affodil wat 'gedêps' kan word nie – en jy het darem ook nie die hart om die tannie se enigste bul-aalwyn te pluk nie! Van die stereotipe rooi en wit angeliere op die Bult wil ek niks van weet nie – dis eerstens te duur en tweedens lyk dit glad nie spandabelrig genoeg in 'n koshuiskamer nie!

Toe't ek begin dink aan winterblomme – droës, wat 'n gewone hoekie op my skryftafel sommer 'n annersgeltgevoel gee. Daar is 'n paar maniere waarop jy blomme suksesvol kan droog.

Maak 'n oplossing van gelyke dele water en gliserien aan. Hierin sit jy die blomme wat jy wil droog se stingels, omtrent 10 tot 15 cm diep. Laat dit vir twee tot vier weke staan. Die blare kry op dié manier 'n mool glans. Magnoliablare, klimopblare en allerlei blare kan op die manier gedroog word.

Nog 'n doeltreffende manier waarop jy viooltjies en rose kan droog is om dit in 'n doos met 'n laag boraks onder in te sit. Strooi 'n dik laag boraks bo-oor. Die blomme mag nie aan mekaar raak nie. Sit die doos op 'n warm droë plek en laat dit so staan vir nie langer as 'n week nie. Die boraks bewaar die kleur van die blomme.

Varings en boomblare kan op die gewone manier gepers word tussen koerantpapier. In dié geval moet jy ten minste drie weke wag voordat daar enige resultate is.

Tot die aftreetydperk – versier maar jou kamer met gedroogde blomme.

# AKADEMIESE RAAD VERANDER

*deur Mariëtte van der Walt*

**Die Akademiese Raad is tans besig om nuwe prioriteite in sy struktuur daar te stel. Dit is 'n poging om probleme uit te skakel, aangesien struikelblokke op akademiese vlak op die oomblik moeilik uit die weg geruim word.**

Hierdie probleme sluit die kopseer van vakrigtings in wat nie deur die bestaande verenigings verteenwoordiging kan kry nie. Dit gebeur omdat vakverenigings uiteindelik niks anders as klubs is wat 'n sosiaal-wetenskaplike behoefte onder die studente vervul nie. Al die verenigings slaag ook nie daarin om op dieselfde vlak te skakel nie omdat hulle soms verskillende fakulteite verteenwoordig (Ekonomie, Regte, Teologie), soms 'n enkele departement (Fisika, Duits) en soms nie 'n studierigting verteenwoordig nie (Esperanto, Sterrekunde).

Elke student behoort akademies verteenwoordig te word in elke vak waarvoor hy ingeskryf is, hoewel hy gewoonlik net tyd en belangstelling het vir deelname aan een of hoogstens twee vakverenigings se bedrywighede. Omdat die Akademiese Raad die leiding moet neem betreffende sake soos inskakeling in die wetenskaplike gemeenskap, studiehulp ensovoorts, moet die Raad verteenwoordigend wees van al die studente aan die universiteit en afgestem wees op die wetenskaplike struktuur van die universiteit.

Die Akademiese Raad wil dus 'n struktuur daarstel waar die Uitvoerende Komitee-lede genomineer en verkies word soos die SSR-lede, waarteenoor die Uitvoerende Komitee voorheen verkies is deur 'n koukusvergadering van alle bestuurslede van al die gepatroneerde vakverenigings. Hierdie komitee sal bestaan uit 'n voorsitter, ondervoorsitter, sekretaris, penningmeester, lid vir opleiding, lid vir evaluering en twee SSR-lede vir skakeling.

Die Fakulteitsraad bestaan uit die voorsitters van die ses Fakulteitskomitees wat deur die studente in elke fakulteit gekies word. Hierdie voorsitters kies aan die begin van elke termyn verteenwoordigers uit die studente wat 'n Fakulteitskomitee vorm. In die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte sal verteenwoordiging moontlik op departementele vlak plaasvind, wat weer onderverdeel in klasverteenwoordiging. By Teologie sal byvoorbeeld 'n ander vorm van verteenwoordiging ingestel word – eerste jaar, tweede jaar, ens. Elke fakulteit sal sy mees dienlike vorm van verteenwoordiging uitwerk.

Waar moontlik moet die departementele en/of fakulteitskomitees gekoördineer word met bestaande besture van bestaande verenigings in daardie departement of fakulteit. Hierdie akademiese struktuur sal belas wees met die verteenwoordiging van enige probleme, voorstelle, besprekings van die studente, loodsing van ondersoeke na akademiese sake soos standaard, druipsyfers, eksamineringsmetodes en dies meer.

Verder verskaf die nuwe struktuur studiehulp en biblioteekhulp en behartig dit inlywing van eerstejaars in die wetenskap. Die struktuur is ook gemoeid met toekenning van akademiese meriete- en erekleure en enige ander akademiese aangeleenthede wat die student raak.

Die bestaande vakverenigings bestaan voort en word steeds uitgebrei. Hulle voorsitters vorm 'n aparte vergadering van 'n spesiale komitee van die Akademiese Raad, wat onder voorsitterskap staan van die ondervoorsitter van die Akademiese Raad, en wat op die verenigingslewe as sodanig toegespits is. Die bedrywighede van die komitee sal baie moeite en tyd spaar en sal in beginsel ooreenkom met die bestaande werksaamhede van die verenigings.

# Konferensie smee bande

**Kontak tussen Afrikaanse en Engelse studentekoerante het met rasse skrede gevorder op die Nasionale Redakteurskonferensie wat in Mei deur die Universiteit van Pretoria aangebied is.**

Die meeste Afrikaanse studentekoerante was teenwoordig, terwyl die SASPU-geaffilieerde koerante deur twee waarnemers verteenwoordig was. Daar was ook 'n afvaardiging van Campus Independant.

Die konferensie het deurentyds in 'n goeie gees verloop en die twee Engelse afgevaardigdes van SASPU (South African Students Press Union) wat aanvanklik baie bevooroordeeld was, was ná die tyd oortuig dat meer kontak moontlik én noodsaaklik is.

UP was van mening dat die studentekoerant hom nie ten nouste met die landspolitiek moet bemoei nie. Dit is eerstens 'n kommunikasiemedium en dan waghond en meningsvormer wat by die studentelewe en gemeenskapslewe betrek is. Die hoogste prioriteit moet aan studentesake verleen word en dan aan landspolitiek. UPE het verder gestel dat die Afrikaanse studentekoerante in die verlede minder politiek as die Engelse gepubliseer het.

Moderne Konserwatisme was ook onder die soeklig. Chris Heymans, redakteur van die Matie, meen dat hierdie beweging uit realistiese en pragmatiese denkers bestaan wat wil wegbeweeg van rassistiese kapitalisme in Suid-Afrika na 'n meer toeganklike vrye ondernemingstelsel.

Hierdie mense wat etnisiteit erken en Suid-Afrika se probleme as primêr ekonomies en maatskaplik sien, wil die status quo verander, maar dit nie verwerp nie. Hulle toon groeipotensiaal, maar destruktief teenoor die radikales in Nusas wees en te min konstruktief teenoor die samelewing. Ander deelnemers het gesê dat Nusas ook destruktief is.

Frikkie Odendaal van die PU het oop universiteite bepleit omdat volksuniversiteite wel wenslik is, maar nie altyd prakties nie. Sy uitgangspunte was die soewereiniteitsbeginsel, die liefdesgebod, en die verskeidenheid-eenheidsbeginsel, volgens die Christelike wetenskap.

Organisatoriese en tegniese probleme soos finansies, inter-universitêre skakeling en 'n oorkoepelende studentekoerantorganisasie is ook bespreek.

'n Paneelbespreking oor "Vryheid en Sensuur in Suid-Afrika" het in 'n persoonlike uitjouery tussen paneellede ontaard onder die dekmantel van politieke verskille.

Die konferensie is met 'n Kaas-en-Wyn afgesluit.



*Die groep redakteurs en hul assistente wat die Konferensie in Pretoria bygewoon het.*

# Staatmaker woel

**'n Staptoer op die Fanie Bothavoetslaanpad tussen Sabie en Graskop is gedurende die laaste naweek van die Aprilvakansie deur 12 Jukskei Staatmakers onderneem.**

Vrydagnag het hulle deurgebring by 'n oud-Puk op Graskop en is Saterdagoggend vroeg met 'n bakkie na Sabie geneem vanwaar hulle weggespring het. 'n Hoogtepunt op die staptoer was die hoë Mac-macvalle in 'n digbeboste omgewing. Maandagaand het hulle Graskophut bereik na 'n tog van 61 km. Die enigste ongevalle was blase op die voete wat deur Ryk Brink versorg is.

Chris Duvenage het die plekbespreking gedoen en moes saam met Awie Verhoef en Madalene Malan sorg dat almal genoeg eet. Die stapelvoedsel was droë wors, hoë proteïne brood en 'n grondboontjiebotter-en-stroopmengsel.

Die toer sal altyd geassosieer word met Karien Kotzé se marsjeerdery omdat sy te moeg was om self te loop.

**Konferensie**

Die jaarlikse Staatmakerskonferensie, Statie ter Spoed, het vanaf Donderdag 4 Mei op Maselspoort plaasgevind. Twaalf Jukskei Staatmakers, die grootste groep op die konferensie, en twee ander Potchefstroomse kommando's, saam met Staatmakers uit Transvaal, die OVS, die Kaapprovinsie en SWA het die konferensie bygewoon.

Na registrasie en kenmekaar is die middag 'n hemelvaartsdiens gehou. Daarna is gesellig verkeer tot met vlagstryking wat gevolg is deur die amptelike opening. Die Skakeldraersverslag is gelees, bespreek en goedgekeur. Vrydagoggend is die beskrywingspunte behandel en Vrydagmiddag is die nuwe Skakelraad verkies. Jukskei spog met twee lede op die raad: Ryk Brink en Daantjie de Kock. Oom Badie Badenhorst, hoofleier van die Voortrekkers, het die konferensie bygewoon en Vrydagaand 'n bespreking van die Voortrekkerbeweging en sy werksterreine ingelei. Die res van die aand (en oggend) is gewy aan Volkspele.

Saterdag is onderwerpe soos "Die Staatmakers as werksafdeling van die Voortrekkers", "Organisasie en samestelling", "Probleemidentifisering en beplanning" en "Kontrole en Evaluasie" behandel deur groepe. Saterdagmiddag is 'n evaluering wat gunstig blyk te gewees het, van die konferensie gehou en die aand is die nuwe Skakelraad ingehuldig. Die aand is afgesluit met 'n skyfievertoning van elke kommando se aktiwiteite. Na die afsluiting het die eerste Staties vertrek en die res Sondagoggend.

Volgende jaar se konferensie word D.V. in die Boland aangebied.


Barclays Spesiale Plan vir studente.




Professionele hulp bly steeds die beste.

BARCLAYS

die WAPAD

# Kom monster saam

**Die Puk-massa is uiteindelik geaktiveer. Op Dinsdag 27 Junie kry die massa geleentheid om hulle griewe openlik te rig tot die SSR.**

**Die monstervergadering moet egter nie gesien word as 'n ideale geleentheid om die SSR met eiers en tamaties te bestook nie. Daar word 'n beroep gedoen om kalm en beredeneerd na die vergadering te kom en sinvolle argumente en vrae te opper. Die Wapad vra ook dat mense nie bang moet wees om reguit vrae te vrae nie. Op sulke vrae kan 'n mens reguit antwoorde verwag.**

**Dié vergadering is ook die ideale geleentheid waar die ondergrondse organisasies na vore kan kom. Indien hulle dit nog nie oorweeg om na vore te kom nie, moet hulle dit maar oorweeg om hulle planne te laat vaar. Ongeïdentifiseerde organisasies het geen bestaansreg nie.**

# Raadsdialoog

**Raadsdialoog '78 is voorwaar 'n positiewe stap in 'n rigting om dié Puk-massa meer te aktiveer. Vir die eerste keer in die geskiedenis van die PU word 'n studente-aksie van dié omvang aangebied. By die ter perse gaan het Raadsdialoog nog nie plaasgevind nie, maar die hoop word uitgespreek dat soortgelyke aksies in die toekoms net verder uitgebou sal word. Buiten die feit dat dit beter onderlinge skakeling bewerkstellig is dit ook die ideale geleentheid om die Puk-massa polities op te voed.**

# Einde van 'n semester

**Ná 'n lang en opwindende semester is dit weer lekker om uit te kan sien na 'n vakansie – hetsy om te werk, te toer of te rus. Die afgelope semester kan maklik as een van die opwindendstes van die PU bestempel word. Dit is duidelik dat baie van ons toerliggame 'n besonderse taak sal hê om die beeld van die PU uit te dra. Ons vertrou dat hulle dit na die beste van hulle vermoë sal doen.**

**Aan die einde van die semester is daar ook 'n groep studente wat die PU verlaat om in die praktyk te gaan staan. Dit is die Beplannerstudente en die Kommunikasiekunde-studente. Aan hulle wil Die Wapad ook sterkte toewens en die hoop uitspreek dat hulle, waar hulle ook al gaan, die naam van die PU hoog sal hou.**




# WAT IS WAT?

## VAN WIE WEET WIE

**Op Stellenbosch se kampus (miskien op die duikweg se muur?) het iemand die volgende geskryf: "I'm neither for, nor against apathy".**

Maar die Pukke is nie onbetrokke nie, dit sal die dag wees. Altans, nie as dit sulke uiters wesenlike sake soos dromme, denims en dans raak nie. Dán moet jy ons sien. Elkeen het iets te sê en elkeen beskik oor presies al die "inside information". Elkeen weet genoeg om alle betrokke partye se skuld of onskuld presies te bereken en dan rustig met al die oplossings in pag, agteroor te sit.

Nuwe organisasies skiet op soos paddastoele. Soms lyk dit asof mense organisasies stig net om voorsitters te word. Teen die tempo wat hulle nou hulle verskyning maak, hoef niemand egter bekommerd te wees nie – daar sal binnekort genoeg wees sodat ons almal voorsitters kan wees. Ek wonder net wie die lede gaan wees. Langenhoven het mos lankal gesê: "Dis nou maar van 'n Afrikaner, as hy nie saam stem nie, stig hy af – al is dit nou net hy en sy hond".

Natuurlik kon die Puk al die publisiteit in die pers bekostig. 'n Groot deel van die skuld lê seker wel by die pers, maar 'n mens sou verwag dat versiende studenteleiers die bohaai sou kon voorspel en daarom die saak met die groots moontlike versigtigheid sou hanteer. Nalatigheid het ons duur te staan gekom.

Nietemin, ek bewonder mense wat die moed van hulle oortuiging het, ook om te sê: ons het ons 'n jaar en 'n half terug waarskynlik 'n gat in die kop laat praat – ons besin weer. Gerugte doen egter die rondte dat sommige mense maar wil "laag lê" met die oog op die komende SSR-verkiesing! Gelukkig is die massa nou veels te krities om so 'n persoon te laat deurglip.

Van al hierdie nuwe organisasies, waarvan nog nie een gepatroneer is en dus ook nie gedispatroneer kan word nie, gepraat: Ek wonder of dit vir hulle almal wel om die betrokke knelpunte gaan, en of dit maar net 'n goeie geleentheid is om alles wat owerheid en studenteraad is, af te kraak. Dalk skep hulle net die nodige klimaat wat sommige voornemende SSR-lede vir hulle verkiesing verlang.

Organisasies wat hulle weg oopsien om die ganse duikweg met verf te bekrap sodat ander dit weer agter hulle mag afskrop en verder geen beter argumente as: almal doen dit, waarom nie ons nie; waarom is die betrokke partye nie geken in die saak nie, wat is verkeerd met . . ., ens. gebruik nie om hulle standpunt te steun, kom in ieder geval redelik verdag voor. "Almal doen dit" is soms 'n baie goeie rede om dit nie te doen nie. 'n SSR vra seker-lik nie eers 'n onderliggaam se toestemming vóór hy besluit om sy werksaamhede te ondersoek nie. Miskien moet ons 'n slag vra na: Wat is reg aan . . .?, hoe verheerlik ek God deur my optrede eerder as wat is verkeerd met . . .

O ja, die nuutste organisasie is SOGSGO: Studente Organisasie vir Geboortebeperking op die Stigting van Geheime Organisasies. Die stigters, voorsitter(s), lede, doelstellings en werksaamhede, asook die dispatroneering, is en bly 'n geheim. Verdere besonderhede sal in alle dagblaaie verskyn.

# Uit die Woord

**Soek DIE HERE – dan sal julle léwe!**

*Amos 5,4*

*Ons lewe in 'n tyd waarin die aanslae van Satan al heftiger word. Van alle kante en op alle vlakke voel ons bedreig. En as ons sien hoedat die Weste en Amerika hulle rug op ons draai, dan kan dit nie anders as dat 'n mens jouself afvra:*

*Het ons nog 'n bestaansmoontlikheid? Lê daar vir ons nog 'n toekoms voor? Waar gaan ons hulp vandaan kry?*

*In kort:*
*Hoe sal ons die lewe hou?*
*Ek as individu*
*My huis*
*My volk?*

*Byna 2 800 jaar gelede het DIE HERE die antwoord aan die volk Israel gegee:*

*Soek DIE HERE – dan sal julle léwe!*

*Omdat hierdie die enigste oplossing is, die enigste weg tot lewe is, moet elkeen van ons onsself dringend ondersoek:*

*Soek ék DIE HERE?*
*Soek ek sý Wil in alles wat ek doen?*

*En dan moet ons nie probeer om agter 'n masker te skuil nie:*
*Ek gaan kerk toe*
*Ek lees elke aand my Bybel*
*Ek bid gereeld*
*Ek gee geld en tyd*

*Ons moet weet dat 'n masker net by mense werk; God kyk daardeur*
*Hy kyk in die hart in*
*Hy kén ons.*

*Daarom: Het ek waarlik gemeenskap met die Here as ek kerk toe gaan?*

*Het ek dus ook waarlik gemeenskap met medegelowiges?*

*As ek my Bybel lees, is ek daarvan bewus dat dit die Woord van God is?*

*En as ek bid, besef ek dat ek met God praat?*

*In kort: Soek ek DIE HERE? Jesus Christus het die HERE gesoek, en Hom ten volle gevind; Hy het die Vader se Wil tot in die fynste besonderhede uitgevoer . . .*

*Hy léwe!*

*Maar Hy lewe nie net nie . . .*
*Hy is die LEWE,*
*Hy is die Bron van die Lewe.*
*En die Heilige Gees bring my by dié Bron*
*bring my by Christus*
*en deur Christus by die Vader!*

*So kan ek deur die verdienste van Christus en deur die leiding van die Heilige Gees die HERE soek, en dus kom ek tot kennis van die Vader . . .!*

*En wat is dit anders as die léwe – (Joh 17)*
*die waaragtige lewe*
*nie 'n skynlewe*
*nie 'n tydelike lewe nie . . .*
*maar die ewige lewe!*

*Ek weet dus dat ek nou leef en tot in ewigheid leef.*

*Hierdeur word ek in staat gestel om in Christus uit te troon*
*bo bedreiginge*
*bo teëspoed*
*bo terugslae*
*– dit wil nie sê dat dit my nie raak, of dat my pad maklik gaan wees nie.*

*Maar ek sien dit alles in perspektief! In Christus het ek klaar oorwin!*

*Daarom – wat ook al vir ons voorlê . . .*

*Laat ons die HERE soek, dan sal ons léwe.*

**UIT NO. 13**

**Lesers word vriendelik uitgenooi om briewe aan die Wapad te stuur vir publikasie. Briewe mag onder skuilname geskryf word. Let egter asseblief daarop dat u volle naam en adres die brief moet vergesel anders kan dit nie gepubliseer word nie. Ons waardeer u samewerking in dié verband. – (Red).**

## ASB Kongres beloof baie

Geagte Redakteur

Voordat ek deelneem aan die bespreking oor die ASB-mosie van 8.4.78 te Stellenbosch, wil ek graag eers die ASB-hoofbestuur gelukwens met die pogings om Afrikaanse studente te stimuleer tot ernstige en diepe besinning en gedagtewisseling oor belangrike aktuele sake van die dag. Al sou die betrokke mosie nie deur die meeste Tukkies (?) en Raukies (nie so seker hiervan nie) aanvaar word nie, dan lê die krag van die mosie nog daarin dat dit ons as studente verplig om nou standpunt in te neem en te dink oor dit wat môre ons praktiese probleme gaan wees. In hierdie poging kan veral die hand van ons SSR Voorsitter, Theuns Eloff gesien word. Hierdie standpuntinname moet dan ook met die grootste verantwoordelikheid gedoen word.

Aangesien ek geen ander oplossing vir ons volkereprobleme as die spoedige realisering van die tuislande kan vind nie, moet ek my goedkeuring van hierdie mosie sterk kwalifiseer:

● Dat hierdie "Oop universiteite" slegs as "'n **interim oorgangsmaatreël** (sal dien) tot tyd en wyl daar vergelykbare geriewe vir die aparte volke bestaan" (Prof. Tjaart van der Walt – PU Kaner 24.6.77) (My onderstreping).

Van hierdie universiteite moet Christelike universiteite wees, en die realisering hiervan moet hoogste prioriteit geniet sodat die vraag na goed gekwalifiseerde swartmense (wat essensieel is vir 'n gesonde en stabiele ekonomie vir die tuislande, ook die blanke tuisland) nie net op 'n kwantitatiewe wyse versadig sal word nie, maar ook op 'n kwalitatiewe wyse.

● Wat die beperking van die aantal toegelate studente betref, kan ek nie sien dat dit "onbeperk" kan geskied nie, en dan slegs op grond van die Voorwaardes gestel deur Jan-Louis du Plooy in sy brief 26.5.68. Sou 'n beleidsverklaring met dien effekte gemaak word en 'n "onbeperkte" getal word toegelaat, sou dit helaas te laat wees wanneer ons sou uitvind dat ons "Afrikaans (en waar van toepassing 'n Christelike) karakter en gees" daardeur geskaad word. Deur die onbeperkte toelating van anderskleuriges mag ons nooit ons eie Afrikaners van ons af weg stoot nie.

● Indien die "oop universiteite" eventueel sou lei tot ongekwalifiseerde oop universiteite (in die geval waar daar nog nie vergelykbare geriewe beskikbaar is nie), sou dit neerkom op 'n indirekte gedwonge integrasie. Nooit mag ons integrasie op so 'n wyse gedwonge maak nie – dit kan slegs probleme voortbring.

Daarom moet enige filosofiese politieke modelle aan hulle praktiese uitvoerbaarheid gemeet word.

Ek sien uit na 'n interessante ASB-kongres.

**Steinman de Bruyn**

## Eerstejaars nie deel

Geagte Redakteur,

Die begin van die jaar het prof Tjaart van der Walt die nuwe eerstejaars verwelkom met die woorde: "Hartlik welkom, nuwe Pukstudent! (Wapad 27 Januarie 1978)

Die Pukmassa het dit ook goed geag om uit die geledere van die eerstejaars vir Dawie Kriel te verkies as hoofrasieleier. Hy is dus heelhartig deur die rektor en deur die Pukke aanvaar as 'n Puk in murg en been.

Die koshuisraad by monde van die voorsitter, mnr Daan de Kock, voel egter nie so nie.

Die koshuisraad is 'n liggaam wat ook deur die Pukmassa verkies is, om dié funksie te verrig wat uit hul naam voortspruit, nl. koshuissake.

Deur op te tree teen die Pukkies het die koshuisraad egter nou sover gegaan om op 'n terrein te beweeg wat buite sy bestek lê. Onder die dekmantel dat hy meer verteenwoordigend van die studente is – 'n baie gerieflike verskoning om 'n klein groepie se persoonlike standpunt te huldig.

Die feit dat die koshuisraad eerstejaars beskou as "nog nie in murg en been Pukke nie," is baie jammer. As ons dit voor die intervarsity al geweet het, sou ons sekerlik 'n ware Puk as hoofrasieleier gehad het en dan het ons straks dalk nog die intervarsity teen die RAU gewen.

**Blackie Swart**

## Studente moet besin

Geagte Redakteur,

Ons is nie sedeprekers nie, ook nie verkrampte, suurgesig ou-jongmense wat die laste van die lewe swaar op ons skouers voel druk nie – ons is jonk en vol lewe en die liefde van Jesus, en juis daarom is ons bekommerd. Die eerste groot hartseer is die vuil grappe wat die 'in ding' in ons studentegemeenskap blyk te wees. Dit het al bykans mode geword om te kyk wie die skurfste grap kan vertel. Is dit 'n manier om ons onmag te kenne te gee? Of ons minderwaardigheidsgevoel, of ons frustrasies? En al is ons nie baie beïndruk nie, lag ons maar saam – want wat gaan die ander van ons dink? As meer van ons standpunt inneem daarteen en DIT WYS, kan ons dalk keer dat die CHO 'n bespotting word.

Die tweede saak is holrug gery, sat bekla – en tog nog net so 'n wesenlike probleem soos altyd: drankmisbruik. Het ons regtig drank nodig om ons 'sorge te verdrink', 'lekker te voel', te 'ontspan' – en daarmee saam ons gesonde jong liggame en siele af te takel? God het ons liggaam, gees en siel geskape en só behoort ons aan Hom. Laat ons liewer onsself aan Hom oorgee, Hy weet die beste hoe om met ons te maak sodat die mooiste in ons deur Sy liefde na vore kom.

Dankie – en seëngroete!

**Petro, Pieter, Ivedore Desireé, Jannie, Lorraine Bertie**

## Pukke – lees reg

Geagte Redakteur,

Ek is terdeë ontnugter oor die leesvermoë van die Pukke. Hulle lees net wat hulle wil lees en maak onsinnige afleidings en trek parallelle wat totaal onwaar eindig.

**Niemand** het ooit gesê skoonheidskoninginne is stoetkoeie nie. Mnr Theuns Eloff se woorde op Kampusfokus '78 -II was: "Die huidige gees van skoonheidskompetisies is soos die paradering van stoetkoeie." Hy het dus die gees van kompetisies vergelyk met, en **nie** gelyk gestel nie aan 'n paradering van stoetkoeie.

Nou sê skrywers Du Rand, Gouws (Wapad, 26 Mei), en R. Faasen en A. Griesel (Wapad, 16 Junie): die Pukkies is stoetkoeie; en mnr Blackie Swart (Wapad, 16 Junie) wil sommer vir **alle** dames op die PUK in die bresse tree!; en ware Dames van die PUK vra: "Watter man noem 'n vrou 'n stoetkoei of seksimbool?" (Wapad, 16 Junie).

Van die gees van skoonheidskompetisies (wat tog abstrak is en literêr vergelyk kan word met enigiets!) word parallelle getrek tot by vroue in die algemeen.

Almal word die josie in vir Theuns Eloff, die skryfster van die berig, en wie nog; terwyl 'n totaal valse beeld geskep is omdat Pukke nie krities lees nie.

**Anne-Marie Jacobs**

## Skiet of Bid?

Geagte Redakteur,

Twee afgesaagde woorde ... alles word mos "geskiet" en "gesleep". Om te "sleep" het so iets algemeen geword dat dit nie eers meer 'n uitsondering is as iemand afhaak met 'n meisie nie; dis net so algemeen soos om 'n vak te sleep! Hy "skiet" haar vir fliek en volgende week "sleep" hulle, ... net so "skiet" ons voor ete (ja, ons bid nie eens meer nie) en daarna sleep ons brood uit die eetsaal, en die groef (hoe eentonig!) het tot gevolg dat talle studente hulle vakke "sleep"!

Wat my egter die meeste raak, is dat ons in ons eetsale (of by talle vergaderings) "skiet" voordat ons begin. Kan ons dan nie meer bid nie? Weet ons nog wat dit is om te bid? Nee, hier op ons Christelike Universiteit bid ons nie meer nie, ons maak van ons gebede, blote "skiet"-gebedjies.

As ons dan so graag die woordjie "skiet" wil gebruik – dan tog nie vir die gebed nie! As ons in die nouste gemeenskap met God verkeer, is ons mos nie besig om te "skiet" nie! Ons moet oppas, voordat God dalk in sy toorn op ons neerskiet! Onthou, God is ook 'n verterende vuur.

Dis ook g'n wonder dat van die gebed, in ons eetsale so 'n bespotting gemaak word. As die HK vra om te "skiet", dan volg van die tafel 'n BOEM! en die ander ou oorkant val van sy stoel af – is dit nou bid!!

Wanneer daar te lank of te kort (na die mense se gevoel), gebid word, dan word hy/sy uitgejou of uitgelag.

Wat wil ons dan hê? Ek weet wat ons gaan kry ... die toorn van God oor ons; ja, dis mos die straf wat Hy gee oor die wat sy Naam belaster.

En wat dan van stilte in ons eetsale as daar gelees en gebid word? Mense, dis tot GOD wat daar gebid word – het ons dan geen tyd vir Hom meer oor nie? G'n oomblik (letterlik) wat ons rustig kan wees nie?

Gee tog as medegelowiges vir diegene wat voorgaan 'n geleentheid, dis nie so maklik om daar voor te staan en vir **elkeen te bid** nie. En laastens, jý wat vir God nie respek het nie, behou ten minste jou menslikheid, en toon respek vir jou medemens, wat sý Almagtige God aanroep en dien.

Kan ons nie maar weer bid nie?

Dan sal God weer by ons kom woon!

**M. van Helden**

## Studentetaal bly

Geagte Redakteur,

Na aanleiding van D J J Malan se brief in "Die Wapad" gedateer 26 Mei 1978 waar hy hom uitlaat oor die swak taalgebruik en -kennis van sy medestudente, het ek besluit om ook op my pos te spring en wil ek hom graag daarop wys dat studente hul eie "taal" skep en daarmee onder mekaar kommunikeer. Net soos mynwerkers hul taal het, het 'n student ook sy eie taal – dink maar aan die volgende woorde: sleep, bank, groot brag, massa ens.

Deur sodanige woorde te gebruik, weet sy medestudente presies wat daar bedoel word. Dieselfde student wat met 'n hoër outoriteit 'n gesprek voer (bv Prof Tjaart of selfs die Eerste Minister) sal behoorlik 'n wetenskaplike Afrikaans/Engels besig en **nie** met studentetaal vorendag kom nie. Ek dink enige student beskik oor die nodige verantwoordelikheid om goeie taal te besig waar hy hom buite die grense "van studentewees" bevind. Ek glo nie dat 'n student selfs in sy eie ouerhuis "studentetaal" sal besig nie, want dit hoort alleen tuis op die Universiteitskampus en in die koshuis waar hy/sy hom/haar bevind tussen sy/haar medestudente.

Ek glo ook, dat 'n student nie die taal wat gebesig word deur die dosente teenoor sy studente wil gebruik nie – daarvan kry ons 'n oordosis in die klasse. Hier dink ek veral aan woorde soos translateer, interrupteer, attendeer, reduksionele milieu, selfs pavement! (Dis nou glo die Afrikaans vir Engelse "pavement" wat sypaadjie in goeie Afrikaans beteken).

Ag nee wat, studentetaal is puik, waar dit reg gebruik word. Ek dink enige kampus sonder sy studentetaal is dood. Soos sleep, slaap (ook swot) deel is van student wees, so is ook sy studentetaal, deel van hom. Waarom dan Afrikaans I en Engels I wil insluit as 'n ekstra kursus? Dit is hoogs onnodig – Afrikaans en Engels moet op skool geleer word: dit is die inrigting waar jou landstale geskaaf, gebuig en reggestel moet word, met betrekking tot die korrekte taalgebruike. As die grondslag hier goed gelê is, waarom dit op universiteit draf? Ons sit alreeds met kursusse wat oorlaai is, waar moet die tyd ingepas word vir Afrikaans I òf Engels I ekstra te draf?

Dus meen ek, kan die universiteit wel die vrymoedigheid neem om te aanvaar dat die ingeskrewe student wel ons landstale magtig is, sodat die verskoning van, ek haal aan, daarom is dit nie nodig "Taalkursusse (Afrikaans sowel as Engels) in die voorgraadse kursusse in te sluit nie", platval.

Ook die "vlaters" wat voorkom in toetse, is heel menslik, want die tydsduur wat daar gestel word, is soms te min vir 'n student wat hom instudeer het in sy akademie! 'n Mens skryf vinnig (en soms slordig) om die vrae deeglik te beantwoord en dan sluip hier en daar 'n "spelvout" in. Ek dink 'n dosent waardeer dit soms om so nou en dan "afwisseling" te kry waar hy dieselfde antwoorde oor en oor moet nasien. Waar 'n student 'n groot spel-"vlater" gemaak het, dra dit by om 'n glimlag om die mondhoek van 'n dosent te kry. Ek spreek eerder my simpatie uit teenoor 'n dosent wat vrae moet nasien waar die student slegs gegorrel het.

Ek sien dus geen "groot leemte" in ons studente se taalgebruik nie. D J J Malan laat my aan 'n blinde man dink wat op soek is na 'n swart kas in 'n donker kamer wat nie daar is nie.

**L. vd L.**

## "Ware Pukdames praat twak"

Geagte Redakteur,

Dit was vir my verblydend om te sien dat u uiteindelik gereageer het na aanleiding van my vorige skrywe (Wapad 26 Mei).

Dit was egter vir my 'n openbaring om u onbetrokkenheid by aktuele studentebelange/probleme te analiseer.

Ek wil u daarvan beskuldig dat u slegs op die golf van die histerie ry en nie 'n duiwel omgee wat op en om hierdie kampus gebeur nie.

Ek het in my brief met die hoof wat moes lees: "Pukkies, dubbelstandaarde ontbloot?" gepoog om pasifiste uit hulle winterslaap wakker te maak!

Juffrou! Of die Pukkies nou daar is of nie – dít gaan my nie aan nie, maar wel die studentebelange. Óók u belange. U lees net wat u wil en soos dit u pas!

Onthou u die woordjie "Dubbelstandaarde?" Ek het dit so geplaas dat u moet dink – en u het blykbaar nie!

U word aan u neuse gelei, en daar gaan nie 'n stem op vir tot en met die persdebakel nie. Nou is almal skielik wakker en nou wil almal plotseling die SR se koppe eis. Dít is mos 'n duidelike bewys van onbetrokkenheid! Indien ons die probleem vroeër raakgesien het en met die SR gaan gesels het, sou dit nie nodig gewees het nie! Dit is 'n bejammerenswaardige feit dat die vonke eers moet spat voordat ons reageer.

Nee, dan mor ons maar net in die veiligheid van ons kamers! Die Pukkies was ongelukkig die afsaalperd wat ek gebruik het om 'n boodskap aan u oor te dra, om u daarop attent te maak dat u belange ook verwaarloos word, dat daar 'n gaping is tussen student en SR wat op verantwoordelike wyse oorbrug kan word!

Om terug te keer tot u feitlik lasterlike brief. Ek het nie gesê of geïnsinueer dat die dames stoetkoeie is nie. Dit is mos ongepoets! Ek het verwys na die WAPAD van 11 Mei en in aanhalings geskryf. Onthou u "sogenaamde"?

U sê dat ek u woorde verdraai het. Dit is twak. Indien dit 'n skriftelike opname was, sou u nooit gehop het. En ware PUK-dames, om te sê ek het direk aanleiding gegee tot die ongunstige publisiteit is om op dun-dun ys te beweeg.

In elk geval, laat ons die strydbyle begrawe, en saamstaan. "Eendrag maak Mag", weet u?

"Mooi was nog nooit lelik nie."

**R P du Rand**

## Pukke is lou

Geagte Redakteur,

Ek dink die tyd het aangebreek dat 'n mens dit duidelik aan gesagsliggame op die Puk stel dat ons vertrekpunt Christelike wetenskapsbeoefening is. Hierdie Christelike wetenskapsbeoefening kan alleen tot sy reg kom indien dit **behoorlik** in lesings en praktika beoefen word, beslis NIE deur kleredragreëls tot absurditeite te wil dryf nie.

Liewe Puk, vra jou noúself of die bietjie IW wat jy per week draf, en die powere pogings tot Christelike wetenskapsbeoefening in die lesings en praktika ons leuse "In U Lig" regverdig.

Ek betwyfel dit!

Wat op die oomblik aan die gang is, is om Christelike wetenskapsbeoefening te probeer regverdig met sedige kleredrag – 'n dun lagie vernis wat baie maklik afsplinter.

Die plek waar daar heel eerste reggemaak moet word is by ons lesings. Dáár moet die Christelike wetenskap in sy volle glorie beoefen word; dan sal 'n mens kan dink om te begin roem op ons leuse. 'n Mens moet tog koud of warm wees, nie lou nie!!!

**Johan Wessels**

word gedruk deur Promedia
Tel. 832301/2/3
Pretoria
Posbus 255
Silverton






## Klawerhof

'n Unieke kamp word gedurende die naweek van 23-25 Junie vir die dames van Klawerhof gereël. 'n Hele paar interessante onderwerpe sal tydens die kamp gedek word. Vrydagaand gesels Mnr. Geertsema van Pretoria oor selfverdediging. Dié praatjie sluit ook 'n demonstrasie in. Mnr. Geertsema sal ook in die volgende semester deur Aster genooi word om ander belangstellende dameskoshuise toe te spreek.

Saterdagoggend sal daar oor koshuissake gesels word. Die res van die program sluit 'n praatjie in deur Mev. Elsa Kruger van Burgerleiding oor "Weerbaarheid van die vrou", terwyl Percy du Toit praat oor die onderwerp: "Sleep en die nie-slepende".

Aan die einde van die semester moet ons afskeid neem van ons Pa, Prof. Schalk, en ook van ons koshuisma, tannie Lappies. Ons hoop tannie Lappies sal net so gelukkig in Wanda wees as wat sy (hoop ons) hier by ons was! Prof. Schalk se plek word volgende semester gevul deur die viserektor, Prof. Faan du Plessis.

Ons verwag dat ons nuwe meubels gedurende die vakansie afgelewer sal word. Hopelik sal die Nuwe Sitkamer dan heelwat pragtiger daar uitsien!



## Karlien

In Karlien het 'n onheilspellende stilte geheers: Karliendames het van vroeg in die môre tot vroeg in die môre met boeke onder hulle arms rond gesluip. Party van hierdie boeke vertoon ernstige letsels wat daarvan getuig dat hulle hardhandige behandeling en moontlik een of twee kennismakings met badwater agter die rug het.

As julle nou dink dat Karlien 'n versameling van akademiese fossiele is – luister hierna: te midde van die akademiese storm het drie van ons dames, te wete Naomi Davel, Retha Burger en Lydia Viviers hulle Wes-Transvaal-hokkiekleure losgeslaan. Dit wil gedoen wees – met af vinger, en die werke of hoe? (Lynda)

Soos die akkerblare minder word, word ons geledere ook uitgedun. Vir 'n paar ou ingesetenes het dit nou tyd geword om die luilekker studentelewe te verruil vir die wêreld van roetine: eet, werk van agt tot vyf, en wag dat dit einde van die maand word. Ons sê vir hulle tot weersiens maar nie vaarwel nie. Ons wens hulle alles van die beste toe in hulle nuwe werkkring. Onthou net, Karlien se deure sal altyd wyd-oop bly vir julle!

Aan die pedagogiese ingenieurs (HOD) wat veldwerk gedoen het – 'n warm woord van welkom. Ons is bly om weer voltallig te wees!

In Karlien is dit altyd sêrtyd-al is dit wintertyd. Daar is manne wat daarvan kan getuig. Die klank was daar, die oorsprong daarvan egter moeilik identifiseerbaar vanweë die kamoeflering van musse, serpe en komberse. Teen koffiedrinktyd is vasgestel dat dit onmiskenbaar Karlienklanke was. Want soos ons Karlienliedjie sê: "Sleeptyd, sêrtyd, koektyd, opskoptyd en bloktyd – dit is Karlien!"



## Caput

'n Week vol van beledigende telefoonoproepe, smalende aanmerkings en 'n dreigende leeu het toe op Saterdag 10 Junie ten einde gekom. Die kat van Caput klop die Leeu van Overs. Gelukskoot? Nee wat, kom ons wees eerlik. Rugby het gewen en dis wat Caput gespeel het.

Vyf-en-twintig punte teenoor drie is 'n baie goeie telling. Om vier keer agter die doellyn te gaan kuier teen Overs spreek nie van geluk nie. Nou gaan daar 'n fluistering op. Gaan hierdie uittartende en afbrekende houding gestaak word? Ons sal moet wag en sien.

Saterdag 17 Junie. Drakenstein staan en wag, maar die kat is weer eens geduldig. Dis nogal snaaks om te sien hoeveel Caputters speel deesdae vir die Puk se spanne, veral met groot koshuiswedstryde.

Gang een se manne sal moet bontstaan want hulle vorm die buffer tussen Hombré se spook en Caput. Manne, julle moet keer. Die eksamen het klaar sy slagoffers geëis, die spook kan nie ook 'n deel kry nie.

Lekker swot bulle, dis amper vakansie. Ou Dries is 'n bekommerde man veral as Albert nie tuis is nie. Miskien het hy die ou rede.



## Villagers

Haai julle Perde!

Die burgers van Villagers skuil op die oomblik in spelonke en hole, nie met die oog op die winterslaap nie, maar om by swak kerslig 'n groot aanslag te loods teen die akademiese draak. Gesien in bostaande lig is die opkoms op ons onlangse koshuisvergadering van 29 Mei verstaanbaar.

Sake van algemene belang is bespreek, veral ons sportpoging in die oorkoepelende liga en die sportdag teen Wits se College House. Villagers beplan om onder leiding van Mario Pretorius 'n hokkiespan in die veld te stoot.

Die Prim was verheug oor die massa-opkoms en het gesê as sake so voortgaan, word Villagers nog 'n koshuis wat slegs van krag tot krag kan gaan. Op 24 Junie hou ons DV die reeds bekendgestelde sportdag met College House van Wits. Die program is:

Sokker: 2,30 nm en
Rugby: 3,30 nm
op die Fanie du Toit-sportterrein.

Daarna volg braaivleis, 'n "boat-race" en 'n aksie met Kasteel.

Ons wil weer eens die Perde bedank vir die groot opkoms by die vergadering. Doe zo voort en volgende keer beter.

Die Villagers-sweetpak is teen R21 beskikbaar by Studentesport.

Byt stang in die bek, Perde, en skeur die wêreld.



## Vergeet-my-Nie

Ná die stilte gedurend die eksamendrukte is die Vergeet-my-nie dames weer voluit besig met al hulle bedrywighede. Een van die dae is dit die koshuis se verjaarsdag, en ons sien baie uit na die voorgenome feesvierings. Daar is nog nie volle ooreenstemming ten opsigte van die vorm wat die verjaardagviering gaan aanneem nie, maar dit beloof om iets heel besonders te wees.

Almal op die PUK sal in elk geval baie welkom wees om Vergeet-my-nie te kom gelukwens met nòg 'n suksesvolle bestaansjaar wat agter die rug is, en om te kom kyk na alles wat ons aanvang. By die geleentheid sal twee ereborde ook onthul word wat Prof. Potgieter aan die koshuis skenk. Die een vir die primaria van elke jaar en die ander een vir die Vergeet-my-nietjie wat gedurende die jaar ons naam die hoogste gehou het op die PUK.



## Oosterhof

Daar heers 'n doodse stilte. En ek meen te sê, 'n morsgraf doodse stilte. Selfs in Lawaaidraai – en dit wil gedoen wees, hoor! Almal swot nou die GROOT SWOT en sweet sulke dierringgrootte druppels, maar ingee en opgee – aikôna! (Al is alles tevergeefs, volgens die Prediker).

Maar wag maar, elke hond kry sy dag en vir 'n tam Oosternooi met blou kringe onder die oë sal daar ook een wees – al is dit dan ook net 'n kleintjie.

Voor in die wapad (of moet ek liewer "nuwe portaal" sê?) brand 'n lig. Ons gee 'n funksie – sommer 'n grootse funksie met formele aanddrag, kaas EN wyn – al is dit dan ook om die seer van die afskeid van ons huispa weg te steek.

So kyk maar, die ou glorieryke dae van Oosterhof, toe 'n Oostermeisie net die beste was, keer weer terug.

En nou volg daar ook weer 'n interaksie, maar die koningin sal nog besluit watter een van die kavaliers, wat om haar guns meeding, haar hierdie keer welgeval.

En dan, o saligheid op note, drie weke, ja, drie hele, salige weke van rus en lui wees. So, aan dié kant Oostergroete en Oosterwense vir 'n aangename en 'n veilige vakansie!

Sien julle weer!



## Wanda

Mens, waar was jy die afgelope paar weke? Hier in ons Wandaland is daar akademies verkeer soos lank tevore!

Gaan slaap jy saans laat, sien jy dat jy hoegenaamd nie die enigste een is nie, en soggens vroeg kom jy agter dat daar meer as een Wandaliet is wat nog vir oulaas bietjie kennis in die oorvol breine wil prop.

Word daar 'n bietjie "gekoek", kom niemand sover om die koffietroggie neer te sit en hulle weer boekwaarts te wend nie. Maar helaas! dit is ook verby. Nou lê daar anderhalf week oor, waarin al die referate klaargemaak moet word, voordat die wintervakansie aanbreek.

By al die akademiese verpligtinge, het ons hier in Wanda die pasafgelope week 'n groot hoogtepunt beleef. Ten einde laaste is ons ook die trotse eienaresse van 'n tiekie-boks, genaamd Trientjie. Die droom van drie jaar is op Maandag 12 Junie verwesenlik, en die gebeurtenis het gepaard gegaan met die gebruiklike klink van glasies. Om nog meer kleur aan die okkasie te gee, het die minister self gebel en Trientjie amptelik as Wandaliet ingelyf.

Totsiens, tot julle weer van ons hoor!!!



## Kulu

Die Spreekwoord sê mos: Om 'n PUK te wees is om 'n PUK te groet. Nou ja, Kulu sê hallo.

Ja, die eksamen het nader gekruip en die bewoonsters van Kulu het hulle stil en "aktief" in hul kamers teruggetrek. Buiten die akademiese sy van ons lewe hier op die Kampus gaan dit sommer klopdisselboom met die sleepaksies. Met ons netbal en hokkie gaan dit net so voor die wind en net 'n klein waarskuwing: Onthou die kleinste botteltjie het altyd die grootste gif. So tussen die boeke deur begin ons harte al klop soos die dae op die kalender doodgetrek word na die 29ste toe.

Ons wil vir almal 'n aangename vakansie toewens, kom net heel terug!




## Uitspan

'n Hartlike groet van die Rooi Beer. Ons het 'n heel aangename intervarsity belewe. Drakenstein het Afslaan omtrent vermorsel met 'n telling van 32-14.

Geluk met die goeie oorwinning, manne!

Die griepepidemie het ook 'n paar koshuisinwoners platgetrek. Die "Russiese" griep was een te veel vir hulle. Ons hoop om hulle gou weer op die been te sien.

Wag-'n-bietjie het ons toe mos op die netbalbaan aangedurf. As hulle nie die skeidsregter (ons s'n) so geïntimideer het nie, sou ons oorwinning sekerlik veel groter gewees het. Dankie vir 'n baie aangename aksie, dames.

Om 12,45 een koue wintersoggend klink die goue klanke van 'n dames-sêrgroep op. Drie maniakke durf die ysbere aan om te kyk wie is dit en na 'n lekker koppie koffie word daar van Mea Mater afskeid geneem. Dames, dit was puik van julle.

Die Kamermaat-Vlugbal-Liga het 'n aanvang geneem. Dit lyk of daar 'n interessante stryd gaan wees om die trofee.

Die reünie sal gedurende die langnaweek in September gehou word nadat probleme ons genoodsaak het om dit uit te stel. Dit beloof om een groot FEES te wees.

Groete van Beer tot Beer.



## Kasteel

Dit woel en werskaf soos wat Kastelers woeker om die Kasteel nog meer na 'n "Buckingham Palace" te laat lyk. 'n Gesellige en sommer ook baie romantiese atmosfeer heers in die ruim ontvangslokale van die Kasteel – (Julle is welkom om te kom loer) – en o ja, "tegnies" het belowe om die Kasteel se tuine op te knap.

Groot gees heers in blok K, blok J en blok G waar gangkompetisies gehou is. Blok F gaan spoedig ook wys waartoe hulle in staat is. Dié gees dra Kastelers net waar hulle gaan – ôf dit nou op 'n yskoue laatnagoggend is om vir die manne te "sêr", en of dit op die netbalveld, muurbalbaan en op die tennisbaan is waar hulle viervoetig vasstaan en wegloop met die punte!

Met die gees wat só hoog loop, kan Kastelers nie anders as om die septer te swaai nie: dis Kaap-na-Rio, sport,... maar hou ons dop...

Kom ons maak met dié vurige gees in ons tierharte skoonskip met die akademie wat ons van ons troontjies wil probeer afdruk!



## Heide

Met 'n kloppende hart, 'n swaar tas in die een hand, 'n slaapsak in die ander en 'n kussing onder die arm, is ek onderweg na die SSR-kantoor. Op my wag die veelbesproke eerstejaarskamp. Daar heers groot opgewondenheid in die bus en die swaarste tasse word soos ligte veertjies in die bus gepak.

Die vrolike gebabbel demp die ratelende bus se geraas totaal en kort voor baie lank is ons by die kampterrein. Die ysige koue is gedemp met 'n heerlike warm koppie sop en brood. Verder het ons keelgate gesorg vir die nodige innerlike verwarming. Die kenmekaar was 'n reuse sukses en binne 'n afsienbare tydjie het ek my totaal deel van die vreemde groep gevoel.

Die koue het ons egter die kombuis in gedryf en daar het ons in groepe verdeel en die struktuur van die SSR bespreek. Daardie nag het ons uitgevind hoe koud dit kan word in die huisies langs die rivier.

Die Saterdagoggend het ons allerlei aksies beplan. In ons groep het ons in 'n japtrap 'n interessante Interkoshuis sportbyeenkoms georganiseer. Ná selgs vyf minute het ons baie respek gehad vir diegene wat soortgelyke byeenkomste moet organiseer. Nooit het ons kon dink wat dit alles inhou nie. Ook was dit groot pret aangesien ons besluit het om "kanondolle" in die lewe te roep. In gewone taal sal hul bekend staan as manlike trompoppies! met krom bene.

Daardie middag het ons 'n skyn SSR-vergadering gehou en oor 'n hele paar sakies het die gemoedere hooggevlam. Dit het vir my insae in die probleme van die SSR gegee. Ook nou eers besef ek die erns en verantwoordelikheid van hul taak. My admirasie vir die SSR het 'n hele paar trappies gestyg.

'n Kampvuurkonsert was die hoogtepunt van die aand se gebeure. 'n Volslae wintersbries het die lug gevul, maar weer eens het vrolike liedjies die koue verdryf. 'n PUK-massa se stemme het luidkeels teen die randjies weerklank gevind.

Ook Prof. Tjaart het die verrigtinge bygewoon. Hy het aan ons die tien geboeie vir ideale leierskap voorgehou. Dit was vir my van onskatbare waarde. Van die ernstige na die meer lighartige.....tonele, kitaargesing, bekfluitjies en jy noem dit! Telkens was daar 'n geskater en 'n verwaande uitroep. Wat kan die SSR tog nie alles uitdink nie! Ook dit het ten einde geloop en ons moes ons desnoods van die kampvuur af wegskeur.

Sondag het ons Bybelstudie in groepe gedoen en selfs 'n erediens tussen die koppies en rante bygewoon. Ds. Du Toit het die diens gelei. Verdere besprekings het gevolg en ná ete was dit weer oppak. In elkeen van ons harte was daar 'n vreemde weemoed – 'n weemoed oor dit wat verby was... steeds die hunkering dat ons langer moes bly...

Ek as mede-eerstejaar, wens dat elke Puk-eerstejaar daar was sodat hul kon beleef wat ek beleef het. Ek glo dat hulle rede het om te voel dat ek iets bygekry het... iets wat hulle altyd sal ontbreek.... Hoe wens ek nie dat hulle kon meedoen in die probleme van die kampus nie... die kanale vir die oplossing van dié probleme is wel daar...

Meer as dít wens ek met my hele ou eerstejaarshart dat ek in woorde aan iemand kon vertel wat die kamp vir MY beteken het....

Net nog 'n eerstejaar....




## Over de Voor

Over de Voor beleef 'n eksamenstilte – die stilte voor 'n storm. Oor die langnaweek het die manne hulle onbetaalde studieverlof ingeneem en nou ja, ek glo hulle het dit geniet.

In 'n allemintige wedstryd het die Voor Ama-Villa met 15-3 die loef afgesteek. O ja, en seker vir die eerste keer in die koshuis se geskiedenis is daar toe hokkie gespeel... en stokke geleen "Groot Sports".

En die eksamen sal seker nog sy "sports" ook oplewer. Of hoe?

# Platsak toer die beste

**"Die Platsak studentetoer bly nog steeds die goedkoopste toer wat aangebied word," sê prof. G. N. van den Bergh, organiseerder en toerleier van die toer.**

Hoewel daar toere mag wees met pryse wat laer blyk te wees, bly die Platsaktoer nog die goedkoopste want dit is 'n inklusiewe toer, sê prof. Van den Bergh.

Dit beteken dat die prys alles insluit. Dit sluit onder andere visums, fooie, lughawe belastings, besoeke aan museums en die gebruik van sweefspore in.

Die toer word beplan vir 29 November tot 31 Desember 1978. Van die lande wat besoek word is Spanje, Griekeland, Italië, Oostenryk, Duitsland, Frankryk en Engeland. In Oostenryk sal daar by 'n ski-oord tuisgegaan word.

Die oogmerk met hierdie toer is om die Afrikaanse student in aanraking te bring met lande wat hulle eerstens nie ken nie en tweedens wat hulle herkoms is. Die lande wat net soseer aan ons behoort as aan hulle. Die toer is geen studietoer nie en daar is genoeg vrye tyd vir elke toerlid om te doen wat hy wil.

Die unieke eienskap van dié toer is dat dit nie 'n gejaagde toer is nie. Die slaapplek word nie in krothotelle gereël nie, maar in redelik netjiese hotelle.

Die prys van die toer sal sowat R1 350 beloop. Ruim lenings van tot negentig persent van die bedrag kan met die SAL aangegaan word. Dit kan dan teen 'n bedrag van tot minder as R60 per maand terugbetaal word.

Prof. G. N. van den Bergh het reeds ses keer die unieke toer gelei. Mnr. Voordewind van die Departement Geografie sal ook as toerleier optree.

'n Inligtingsvergadering word op Dinsdag 27 Junie in die geografie lesingsaal gehou om 19h30 gehou.

# *Dr. Mulder praat oor Inligting*

**Op Donderdagaand 25 Mei 1978 het Dr. Pieter Mulder 'n vergadering van korpssel Hombré toegespreek oor die belangrikheid van inligting.**

Hy het eerstens verwys na die huidige wêreld toestand. Hy het genoem dat die wêreld bang is vir die derde Wêreldoorlog èn dat dit 'n VSA beleid is dat derde Wêreld oorlog nie mag plaasvind nie. Die Ooste gaan voort met revolusionêre oorlog, hoewel die Weste dit as interne sake beskou. Die hoofkenmerk van revolusionêre oorlog is dat dit 80% propaganda uitmaak.

**● Hoe word propaganda deur kommuniste versprei?**

● 1600 Boeke is vir Rusland deur onafhanklike maatskappye in Afrika versprei.

● Radio Stasies. 1100 uur is in Afrika al uitgesaai vanaf Kommunistiese lande.

● Infiltrasie in bestaande organisasies bv. Wêreldraad van Kerke

**Wat kan ons hieraan doen?**

● Ons moet kennis neem hiervan

● Ons moet weet wat in wêreld aangaan sodat ons nie maklik sal val nie.

● Ons moet koerante krities lees. Daar moet veral gelet word op terminologie.

● Ons moet vashou aan ons ankers soos Kerk, huisgesin ens.

# Wat is die ASB?

**Ontstellend min Afrikaanse studente kan met sekerheid sê wie of wat die ASB presies is, en wat sy doel en grondslag is. Voordat die skynbaaronbeantwoorde vraag: "Wat doen die ASB vir my?" beantwoord kan word, is dit nodig om seker te maak wat die ASB in sy doel en grondslag bepaal. Die grondwet van die ASB is op 14 Augustus 1948 finaal aanvaar.**

**Grondslag**

Die Bond **berus** op die Bybel as die onfeilbare Woord van God waarop die Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing van die Afrikanervolk beskryf word: onder Christelike lewens- en wêreldbeskouing word 'n omvattende beskouing verstaan, sodat die Woord van God seggenskap het op elke terrein van die lewe - ook op die politiek. Die "nasionale" is dus 'n spesifieke terrein waarop die Woord van God heerskappy voer. Meer spesifiek verwys "nasionaal" na die eiesoortige volkslewe van die Afrikaner. In die afgelope tyd het die term "Christelik-nasionaal" 'n politiese eerder as kulturele betekenis verkry. Die manier dus waarop die ASB, volgens sy grondslag, die rasse- en volkereprobleme in ons land bevorder, is Christelik-nasionaal. Dit beteken dat die beginsels uit die Skrif gehaal word wat van toepassing is op die betrokke vraagstuk, en dat die praktyk dan daaraan gemeet word. Hierdie benadering mag dus nie terugdeins om die werklikheid te kritiseer nie, omdat dit 'n vaste grondslag het. Hierdie benadering roep ook op tot betrokkenheid wat op sy beurt roep tot verbreding van kennis - enersyds van die Woord van God en andersyds van die politiek en ander sake van ons land.

Voorafgaande stelling gooi die vraag van "Wat doen die ASB vir my?" direk terug in die gesig van die vraagstellers. Want wat van belang is, is wat ek bydra tot wat in die grondslag van die ASB gestel is, en nie wat ek tot fisiese voordeel kan verkry nie.

Hiermee kom die vraag ook tot elke PUK-student: Het jy voldoende kennis van die politiek van die Bybel, van aktuele sake?

Die doel van die ASB is die bevordering van Afrikanerkultuur deur:

● die handhawing en uitbouing van die Christelik-nasionale lewensbeskouing;

● die behartiging van gemeenskaplike belange van die Afrikaanse student;

● die samesnoering van die lede en die koördinering en ontwikkeling van hulle denkpatrone;

● die bestudering en evaluering van lands- en lewensvraagstukke op akademiese wyse;

● die meehelp tot die realisering van afsonderlike volksbestaan en die bestendiging van volkereverhoudinge in Suidelike Afrika.

**DIE WAPEN VAN DIE ASB**

Hierdie wapen is relatief eenvoudig en by die opstel daarvan is gepoog om die karakter van die ASB te weerspieël.

Die wapen bestaan basies uit 'n sleutel waarvan die oor in die vorm van holbol Kaaps-Hollandse gewel is. 'n Ankerkruis, wat ook in die wapen van die Franse Hugenote vervat was, kom op die oor van die sleutel voor.

Die oorblywende deel van die wapen word beslaan deur 'n weegskaal waarvan die weegbakkies met 'n ketting aan mekaar verbind is.

Die ankerkruis op die oor van die sleutel simboliseer die Bybel as **onfeilbare** Woord van God, asook die handhawing en uitbouing van die Christelikenasionale lewensbeskouing.

Die sleutel dien as simbool van die kultuurskatte én ontsluiting daarvan terwyl die Kaaps-Hollandse gewel spesifiek die Afrikanerkultuur simboliseer.

Die weegskaap stel die bestudering en evaluering van lands- en lewensvraagstukke op 'n akademiese wyse voor. Die ketting simboliseer die samesnoering van die lede en die koördinering en ontwikkeling van hul denkpatrone.

# EERSTEJAARS GENIET AKTUEEL 81

**Dis die naweek van die 17de Junie. Dis koud en tog sé warm. Dis Aktueel 81! Saam met vele ander jongmense kon ons deel, ervaar en leer.**

Die studentestruktuur is weereens duidelik gemaak en ons het in en om die SSR-kantoor "beweeg". Dit was ook ons voorreg om 'n Raadsvergadering te hou. Saam kon ons dink en gesels oor die verskeie woelinge op ons kampus. Die verskeie organisasies, POPS, BOK, ORPS is bespreek en kon ons uitsluitsel vind oor die saak.

Ook het ons die voorreg gehad om te hoor hoe om 'n balans te handhaaf tussen werk, sport en speel vanuit die oogpunt van Prof. Scholtz (Hombré huisvader). Elke PUK weet watter belewenis dit is om te luister na ons Rektor, Prof. van der Walt. Hy het met die twee kampe as gesamentlike groep om die kampvuur gesels oor leierskap - veral as student op die PU.

Ons moet vanselfsprekend ons Saterdagaand se kampvuur met julle deel. Onuitwisbaar die onthou van die vuur en die konsert. Daar is heerlik gekgeskeer met al wat SSR-lid is en die eerstejaars het ook waai onder ou Zoks deurgeloop

Het julle al ooit 'n aand om die kampvuur afgesluit met koffie en pannekoek? Feeste!

Sondagoggend se diens is gelei deur Ds. Franscois du Toit en die bespreking, Christenstudent op die Puk, is besonder treffend gelei deur Prof. Floor.

Ons het baie geleer en ons is dankbaar dat ons as eerstejaars van 1978 die voorreg gehad het om die Aktueelkamp by te woon. Dankbaar teenoor die Heer vir Sy genade, die organiseerders, ons kampleier Piet Fanoy, wat op sy besondere manier leiding geneem het, teenoor al ons kosmas wat die innerlike versterk het, dankie ook aan al die sprekers en leiers wat gehelp het om ons kamp 'n sukses te maak en dan ook aan die eerstejaars wie se kamp dit eintlik was! 'n Groot dankie! Sien julle almal DV volgende jaar op die Tweedejaarskamp!

# *Apteker studente presteer*

**Tydens** 'n vorige Uitvoerende Komiteevergadering van die Suid-Afrikaanse Apteker-studente Federasie (S.A.S.A.S.F.) gehou vanaf 29-30 April in die Sunny Side Park Hotel te Johannesburg, het die Presidensiële Komitee bedank. Hierdie stap het gevolg op 'n bespreking van die Federasie se huidige posisie, funksionering en toekomsbeleid.

'n Waarnemende Presidensiële Komitee is verkies, wat sal funksioneer tot en met die jaarlikse SAASF-kongres gehou in Scottburgh vanaf 23-27 Junie. Tot president en sekretaresse is verkies Mike Lunderstedt en Dehlia Fuller, beide 4de jaar Aptekerstudente aan die PU. Dit is 'n merkwaardige prestasie vir die Potchefstroomse Apteker studente vereniging.

# W IE / AT / AAR / ANNEER / AAROM

## Verdien geld

DIE SSR koop ou Broshandboeke terug teen R1-00 stuk.

## Koop nuwe truie

**Die nuwe** kampustruie vir mans en dames is beskikbaar by die Claassen broers op die Bult, sowel as by die tak in Kerkstraat. Kleurstrokies moet by die SSR kantoor verkry word.

## NUWE SSR!!!

Studente moet onthou om betyds nominasies vir die SSR-verkiesing in te dien. Dit kan gedoen word vanaf Dinsdag, 25 Julie tot Dinsdag, 1 Augustus om 16h00. Nominasievorms sal versprei word vanaf 25 Julie.

● Maandag, 7 Augustus: Groot Sweet begin koshuisgewys.

● Maandag, 14 Augustus: SSR- en radeverkiesing.



**Theuns Eloff wys die amfiteater in die nuwe studentesentrum aan die eerstejaars op pad na die eerstejaarskamp.**




# Tjokkie sien suksesvol

*deur Allan Munro*

**Om** suksesvol oor te skakel van somber absurde teater na somber realistiese teater is 'n groot uitdaging wat veelsydige spel, afrigting en ontwerp betref. Die oorgang van die absurde na die realistiese is oortuigend bereik – ook ten opsigte van onderskeid tussen die kenmerke van die twee genres – in die aanbieding van "Die Bediendes" en "Siener in die Suburbs".

P.G. du Plessis het die CNA-prys vir Afrikaanse Letterkunde (1971) die Hertzog-prys vir Drama (1972) en die W.A. Hofmeyr-prys (1973) ontvang vir "Siener in die Suburbs". Hierdie stuk blink dus uit beide wat die aanbiedingsmoontlikhede en die letterkundige waarde daarvan betref. Die dialoog ontvou spontaan; die emosies, verhoudings, ideale en drome van elke karakter spreek duidelik uit die woorde van daardie karakter.

Die temas wat in die stuk uitgebeeld word, is tydloos. Die eerste tema is dié van die mens se verlange om sekerheid oor die toekoms te hê, teenoor die verwoesting en chaos wat deur die onvermydelikheid van die noodlot geskep word. Die tweede tema handel oor die strewe na verbetering in alle sfere wat verhinder word deur menslikheid.

Hierdie stuk word 'n demonstrasie van die futiliteit, die hulpeloosheid, die hopeloosheid van liefde wanneer die dramaturg aantoon hoe menseverhoudings verkrummel onder die druk van vooruitgang. Dit word duidelik uit Tjokkie se geduldige maar vrugtelose arbeid aan sy motor; Tiemie se begeerte om te ontvlug van die Suburbs, sy wat haar geleentheid vernietig (hoewel alles in haar guns was) deur 'n ooraktiewe libido; Ma, die naamlose karakter wat gedurig hoop dat haar kinders "reg" sal uitdraai, hoewel sy uiteindelik die prooi word van haar eie sekuriteit; Jakes se verlange na die geselskap van sy "laaitie" terwyl hy onbevoeg is om een te bekom; en Giel se pseudo-gesofistikeerde lewensbeskouing, hy wat in der waarheid 'n ruggraatlose bespotting van kultuur is; selfsugtig, leeg.

Die jeugdige akteurs het hulle besonder goed van hulle taak gekwyt met hulle unieke, individuele interpretasies wat in baie opsigte verskil het van dié van Marius Weyers, Sandra Prinsloo en andere in die oorspronklike aanbieding. Dit is op sigself 'n bewonderenswaardige prestasie. Voorbeelde hiervan is Kobus Lodewyck se interpretasie van Giel. Hy het Giel se aangeplaktheid heeltemal ontgin deur hom 'n kwaliteit van pseudo-verfyndheid in kostuum en maniertjies toe te dig. Kobus Lodewyck en Isobet Kok was die enigste twee spelers wat die indruk van bejaardheid moes oordra. Isobet Kok het Ma se ouderdom, sosiale status en lewensmoegheid uitstekend uitgebeeld sonder die voordeel van grimering (aangesien die klein verhogie en die intimiteit tussen spelers en gehoor dit verbied).

Jakes (Roeloff van den Bergh) was en is nog steeds een van P.G. du Plessis se geliefkoosde karakters. (Ons sien hom as Charlie in "Nag van Legio" en "'n Seder val in Waterkloof", alhoewel hy miskien as 'n te wye karakter beskryf word. Roeloff het daarin geslaag om Jakes geloofwaardig te maak sonder dat hy die fout begaan het om humor (ten koste van die stuk) te oordryf. Tjokkie (Pieter Oberholzer) en Tiemie (Mariëtta Kruger) het die uitbeelding van twee mense wat in die greep van die Suburbs vasgevang word suksesvol en eg-menslik oorgedra. Fé (Alta Spies) en Albertus (Toit Marais) was ook oortuigend in hulle spel.

Die ontwerper van die decor het wondere verrig op 'n klein verhogie, sodat die toeskouer midde-in die hart van 'n Suburbshuis gebring word.

Roeloff van den Berg se kontrole oor sy 750 cc motorfiets op die verhoog was verstommend.

Op die keper beskou was dit 'n wonderlike ontdekkingervarings om hierdie stuk te sien.

Allan Munro



· *Martin Dreyer en Karin Scholtz, soos gesien in* **Die Winter van 14 Julie.**

## FLIEK:FLIEK:FLIEK:FLIEK

**Om by die koue winterweer te pas draai *Die Winter van 14 Julie* Vrydagaand 23 Junie in die Totiussaal.**

Sonder dat iemand weet besluit Helena de Villiers (Karin Scholtz) om haar ongebore baba te laat verwyder. Wanneer sy op die punt staan om die operasie te laat doen, skryf sy vir Frans (Martin Dreyer), die vader van haar kind, en deel hom die nuus mee. Hewig ontsteld, dros Frans uit die Leër. Hy moet Helena gou bereik voordat dit te laat is. Ondertussen is die militêre polisie op soek na hom. Hy bereik Helena voordat die aborsie uitgevoer word. Maar as hulle besluit om sonder haar ouers se toestemming te trou, ontstaan 'n hewige twis en tweestryd.

Ander spelers is Bill Flynn en Dawid van der Walt. Die regisseur is Jan Scholtz.

Saterdagaand, 24 Junie, vertoon Cine-Puk **Breaking Point.**



**Poësiekompetisie** – nog net twee weke om in te teken!!!!!!

Net om die geheue te verfris – hier volg die reëls van die POËSIEKOMPETISIE wat deur die Wapad en die Skrywerskring georganiseer word:

- Die beoordelaars is Prof. T.T. Cloete, Mev. N. Schutte en Mnr. Jan Swanepoel en hulle beslissing is finaal.
- Elke deelnemer kan meer as een gedig inskryf maar word beperk tot 'n maksimum van vyf gedigte.
- Van elke gedig moet vier afskrifte gemaak word. Een van die afskrifte moet die volledige naam en adres van die deelnemer hê. Die ander drie hoef net voorsien te wees van 'n skuilnaam of naam.
- Al die inskrywings moet in die Wapad-bussie nr. 13 by die S.S.R.-kantoor geplaas word. Dit moet asseblief duidelik POËSIEKOMPETISIE GEMERK WEES.
- Die sluitingsdatum is 29 Junie 1978 en geen laat inskrywings sal aanvaar word nie.
- Die redaksielede van die Wapad mag wel deelneem maar kom nie in aanmerking vir die pryse nie.
- Ingeskrewe gedigte mag nie reeds in 'n nasionale publikasie verskyn het nie.
- Die wengedig sal in die Wapad aangekondig en geplaas word, en die PU of die ASPU Poësiekompetisie verteenwoordig.

DAAR WORD NOG VIR BAIE INSKRYWINGS GEWAG!!!

GROOT PRYSE OM TE WEN!!!

HERSKORAAL

tyd breek 'n bruiner blaar
grond toe
en die hele sieklike
meganisme
kringloop op die kaal voete
van 'n viool
deur die dordood gras
stil!
hoor hoe roep God vanuit
die blomme
kom ons sing saam
Op die wysie van dooie woorde
met valse menstonge
van 'n verlossing iewers
die blomme is vrot van die verkoue
die voels op die draad het griep
maar tog breek die crescendo
genadeloos

E. Esterhuizen

# PU BETOON HULDE

**In die** jaar waarin die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n erepenning aan Bettie Cilliers-Barnard toeken, het die Departement Kunsgeskiedenis aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. hulde gebring deur middel van 'n retrospektiewe tentoonstelling van haar werk. Hierdie tentoonstelling, wat van 12 tot 23 Junie 1978 aangebied is, het 34 werke bevat. Die werke het haar hele kunsontwikkeling van die afgelope 35 jaar verteenwoordig.

Terselfdertyd is 'n verkoopstentoonstelling van 'n dertigtal van die kunstenares se jongste werk deur die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging (Wes-Transvaal) in die uitstallingslokaal van die Frans du Toit-gebou aangebied.

Die twee uitstallings is deur die Redakteur van **Die Transvaler** geopen.



*Dr. Wimpie de Klerk saam met Bettie Cilliers-Barnard en Prof. Ballot.*



*Bettie Cilliers-Barnard saam met haar familie. Heel links op die foto is die filmster Regard van den Bergh, en tweede van regs sy vrou Jana Cilliers (die kunstenares se dogter).*



*Drakenstein vs Caput*

● *MUURBAL*

# PUK SONDER AFRIGTER

**Jim van Zyl, voorsitter van die muurbalklub, sê die PUK kan baie trots voel op sy muurbalstandaard as daar in aanmerking geneem word dat RAU deur Ian Holding, nommer 2 op die profesionele ranglys van SA en nommer 13 op die wêreldlys, afgerig word, terwyl PUK op die oomblik sonder 'n afrigter moet klaarkom.**

**Daar is egter 'n moontlikheid dat Mike Simmonds, nommer 3 op die SA- en nommer 24 op die wêreldranglys, die Pukke in die toekoms sal kom afrig.**

In die eerste span se wedstryd het RAU 4 spelle teen 1 gewen. Daan Gouws, Oscar Volkwyn, James Honniball en Phillip Welman is almal deur hul teenstanders die loef afgesteek. Jimmy Versfeld is die enigste speler van dié span wat in 'n baie goeie wedstryd teen die tweede speler van RAU die oorwinning behaal het.

Die tweede span van PUK het baie goed gevaar. Jim van Zyl, Jan van Klashorst en Jan Theunissen het almal hul spelle gewen, maar Wynand Mans en Zig Eiselin moes in hierdie titaniese stryd die knie voor RAU buig.

Die damespan het uitstekend gespeel. Die uitblinkers hier was Terry van Rensburg, 'n eerstejaar, en Joan Basson wat albei vir die Wes-Transvaalspan gekeur is. Mellie de Beer en Ilse Basson het ook baie goed gespeel en gewen. Die spel van Annemie Jordaan was die enigste wat die dames aan RAU moes afstaan. Louise le Roux het die sesde wedstryd met 'n "tegniese uitklophou" gewen wat die meisie van RAU met 'n minder ernstige oogbesering hospitaal toe gestuur het.



## *Sport-persoonlikheid*

**Terry van Rensburg**, 'n veelsydige meisie met Wes-Transvaalkleure in vyf sportsoorte. Vanaf 0/12-dogtertjie dra sy reeds die mieliekop vir tennis.

Gedurende haar hoërskoolloopbaan het sy Wes-Transvaal elke jaar op die atletiekbaan verteenwoordig in die items spiesgooi, gewigstoot, en skyfwerp. In 1974 herhaal sy haar bogenoemde prestasies in pluimbal en in 1977 ook in hokkie.

Terrie het die begin van hierdie jaar haar lyf op die muurbalbaan gewaag en dit het nog net voorspoedig gegaan. Sy was in die Wes-Transvaalspan wat die Interprovinsiale kampioenskappe vroeër vanjaar in George gewen. Daar was twee afdelings waarvan een deur haar verower is.

Boonop is Terrie nog gekies om aan die Interprovinsiale Distriktetoernooi te gaan deelneem. Op die oomblik is sy besig om te oefen vir die Suid-Afrikaanse Universiteite kampioenskappe vanaf twee tot agt Julie in Johannesburg.

Terrie is baie tevrede met die PUKKE se belangstelling in en ondersteuning van die muurbalklub.




**LANGSLEEP**

Tomstraat 100 Die Bult Tel. 6039

*Restaurant en Koffiekroeg*

- STUDENTE-ETES
- ONTHALE
- AFSKEIDSPARTYTJIES
- "FOLK"-SANGE ELKE AAND


# *Koshuisrugby Puntestand*

| | Gespeel | Wen | Verloor | Gelykop | Totale punte |
|---|---|---|---|---|---|
| Caput | 6 | 6 | – | – | 12 |
| Overs | 7 | 5 | 2 | – | 10 |
| Klooster | 6 | 3 | 2 | 1 | 7 |
| Dawie Dup | 6 | 2 | 3 | 1 | 5 |
| Ama – Villa | 5 | 2 | 3 | – | 4 |
| Drakenstein | 6 | 2 | 4 | – | 4 |
| Hombré | 6 | – | 6 | – | – |
| **B-liga** | | | | | |
| Hombré | 6 | 5 | 1 | – | 10 |
| Caput | 6 | 5 | 1 | – | 10 |
| Drakenstein | 6 | 5 | 1 | – | 10 |
| Dawie Dup | 5 | 3 | 2 | – | 6 |
| Overs | 5 | 3 | 2 | – | 6 |
| Klooster | 5 | 1 | 4 | – | 2 |
| Ama-Villa | 5 | 2 | 3 | – | 4 |
| Pote | 5 | – | 5 | – | 0 |
| **C-liga** | | | | | |
| Hombré (3a) | 6 | 5 | – | 1 | 11 |
| Klooster | 6 | 5 | – | 1 | 11 |
| Drakenstein | 6 | 5 | 1 | – | 10 |
| Caput (3a) | 6 | 3 | 1 | 2 | 8 |
| Ama-Villa | 5 | 2 | 3 | – | 4 |
| Hombré (3b) | 7 | 2 | 5 | – | 4 |
| Overs | 5 | 1 | 4 | – | 2 |
| Dawie Dup | 6 | 1 | 5 | – | 2 |

# SPORT VAT VLAM ONDER RIVIERPUKKE

**Dit is so dat dit op hierdie stadium geweldig moeilik is vir die Rivierpukke om 'n sportsoort te beoefen. Die bereidwilligheid en entoesiasme ontbreek nie, maar wel die fasiliteite.**

Indien 'n persoon 'n sportsoort beoefen het, moes hy alleen by 'n plaaslike klub aansluit of telkens oorry na die Pukke toe.

Die S.R. in samewerking met die personeel van die Vaalriviertak het 'n meningsopname gemaak onder die studente, en tot die gevolg gekom dat daar groot belangstelling bestaan vir sekere sportsoorte soos tennis, tafeltennis, muurbal, dameshokkie, rugby en kegelspel.

Uit hierdie sportsoorte is reeds verskillende sameroepers aangestel wat voorlopig die belange van sy sportsoort op die hart sal dra.

Die sameroepers sal, d.m.v. die S.R. en die personeel van die Tak, skakel met reeds bestaande klubs in die Vaaldriehoek, vir moontlike affiliasie.

Hierdie sportsoorte is nog in die beginstadium van ontwikkeling, maar beloof om baie geslaag te wees.


**BAILLIEPARK**

padkafee en

"Steakhouse"

SPESIALE PRYSE

Kwaliteit kos.


# *Toutrekklub gestig*

**Daar is toestemming by die Sportraad verkry om 'n toutrekklub te stig.**

Daar sal ten tyde van die Intervarsity met die Kovsies teen Vrystaat en Griekwas getrek word. Die kompetisie sal in Bloemfontein plaasvind. Akkomodasie sal gereël word.

Die PU kan die leiding neem in die stig van 'n Wes-Transvaalspan wat op die Suid-Afrikaanse kampioenskappe sal deelneem. 'n Springbokspan word twee keer 'n jaar gekies.

Daar is geen beperking op belangstellendes nie, behalwe dat u massa moet wissel tussen 70 kg. en 90 kg. Hou die kennisgewingborde dop vir verdere inligting.

Pukke, steun hierdie poging!


*Slaan jou meisie stom koop vir haar 'n blom*

by

**Huis en Tuin**

Tomstraat 82 Tel. 4641

# SPORT WORD DUUR

**Studente wat aan sport deelneem, sal voortaan ledegeld moet betaal in 'n poging om steeds stygende koste te delg nadat begrotings vanjaar drasties ingekort is.**

Die bedrag wat betaal sal moet word, wissel van klub tot klub na gelang van die aard daarvan. Die meeste klubs vra R5.00 alhoewel sommige meer vra. Dit word deur die bestuur van elke klub bepaal.

Dié stap het nodig geword ná die drastiese inkorting van klubbegrotings wat ongeveer met die helfte gesny is. Die Sportinstituut het in 1977 'n oortrokke rekening van meer as R6 000 gehad. Hierdie geld moet ook uit vanjaar se begroting gevind word.

Baie koste moet deur elke klub gedek word. Affiliasie- en registrasiegelde by die Wes-Transvaalse unies is duur. Dit kos bv. R220 vir twee manshokkiespanne om te affilieer. Vervoeronkoste en die prys van apparaat het die hoogte ingeskiet.

Honorariums moet ook aan afrigters gegee word daar hulle onkoste gedelg moet word.

Koshuissport as teelaarde van Puksport moet beter benut word om materiaal wat langs die pad verlore gaan terug te win. Die vergrote koshuisliga bring meer uitgawes aan sportapparaat mee. Die intervarsity- en SAU-onkoste van elke klub moet ook deur homself gedelg word. Die heffing van ledegeld het noodsaaklik geword omdat die begroting verklein is en oortrekkings jaarliks plaasgevind het. Die onderskeie klubs het onafhanklik besluit om eerder ledegeld te vra as om Puk-Sport onder die ekonomiese las te laat ly.

Koshuise wat gaan toer kan aansoek doen vir finansiële hulp uit die betrokke klubfonds.

Die geld word uitsluitlik deur die onderskeie klubbesture beheer en geen klub sal van 'n ander se geld kry nie.

Op UP en RAU word R6 en R10 ledegeld onderskeidelik gehef.

# Landloop vooruitsigte?

**Gedurende 1976 was die PUK-mans die kampioenspan onder die Suid-Afrikaanse Universiteite. Verlede jaar was die PUK-dames aan die beurt. Vanjaar se vraagteken bly nog hangende tot en met die Suid-Afrikaanse Universiteite-kampioenskappe in Florida op 1 Julie. Hoe lyk die kanse?**

Vroeër vanjaar het die PUK-mans die RAUKIES 'n goeie pakslae gegee. Dit wil voorkom asof díe klompie PUKKE vanjaar nogal 'n sterk faktor gaan wees, ten spyte van die feit dat Gert Doorewaard 'n bietjie fiksheidsprobleme ondervind vanweë skielike militêre verpligtinge vroeër vanjaar. Die vorige jare was hy een van die groot steunpilare. Nollie Meintjies is egter 'n atleet wat vinnig besig is om die "grotes" in te hardloop. MATIES, verlede jaar se wenners, het vir Andries Krogman en Julian Marsay. Omdat een of twee swaeltjies nog nooit 'n somer kon maak nie, moet daar dus diepte ook wees in 'n span. Name soos Louis Liebenberg, Bubbie Pienaar, Gawie Burger, Jan Marais en André Scholtz sorg hiervoor – alhoewel van hulle ook reeds uitstaande prestasies gelewer het en nog kan verras.

Betreffende die PUK-dames lyk die spankompetisie nie vanjaar te fluks nie. Hulle is vanjaar die verdedigende kampioene, maar op die huidige oomblik is daar probleme. Marietjie Barnard is vanjaar baie goed op dreef. Verlede Saterdag op die Interrpovinsiale Kampioenskappe in Durban het sy derde geëindig in die damesafdeling. Daar is egter probleme om 'n volle span van standaard op te stel. Alta Stander se onttrekking van hierdie landloopseisoen is vir die PUK 'n groot verlies. Maar wie weet, die verrassingselement is nog altyd daar. Heel moontlik word die PUK se naam vanjaar onderstreep gedurende die Suid-Afrikaanse Universiteite kampioenskappe op Florida.

# Judo maak opgang

**Judo is vinnig besig om opgang te maak, skryf Nico van der Westhuizen.**

Saterdag 27 Mei het vier Pukke deelgeneem aan die swart gordel ope kampioenskappe. Almal het deurgedring na die finale ronde.

Hugo Pienaar en Charl Botes het eerste plekke in die 60 kg en onder 78 kg onderskeidelik behaal. Johan Boshoff en Naas Stolz het tweede plekke in die onder 71 kg en onder 95 kg behaal.

Die judoklub vra dat die Pukke hulle moet ondersteun. Judo, sê hulle, is meer as net 'n sport. Dit is 'n leefwyse. Die dames wat bietjie sukkel om die vetrolletjies in toom te hou sal baie baat daarby vind deur 'n draai by die judoklub te maak.

Soos die betekenis van die woord judo aandui word daar van die sagte manier gebruik gemaak om die besondere kuns aan te leer.

Dié klub oefen op Maandae en Woensdae vanaf 19h30 tot 20h00 in die gimnastieksaal by die LO-departement.

## *Sportpersoonlikheid*



*Nollie Meintjies*

**In Nollie** het die PUK 'n atleet wat eintlik maar eers van vanjaar sodanige omstandighede begin ervaar het om werklike prestasie te lewer. Maar ten spyte van die feit dat hy hierdie jaar vir die eerste keer in sy atletiekloopbaan 'n afrigter het, in die persoon van mnr. Richter, het dit hom nie verhoed om alreeds 'n paar goeie prestasies te lewer nie. In 1975 het hy sy junior Springbokkleure in landloop verwerf. Hy het ook reeds Proteakleure vir atletiek en landloop losgehardloop, en dit sonder 'n afrigter! Hierdie prestasies spruit uit absolute getrouheid, hardwerkendheid, maar bo alles geloof.

Gedurende 1972 het hy begin belang stel in landloop en ook, in sy eerste jaar van deelname, 'n derde plek vir seuns o/15 op die SuidAfrikaanse Landloopkampioenskappe behaal. As groen o/16 seuntjie het hy sy eerste marathon aangepak en al die "ou manne" in die Goue Weste Marathon die hakskene gewys. Hierna het hy egter besluit om nie weer sy lyf marathonatleet te hou nie.

Hierdie jaar het hy as ster na vore getree in atletiek toe hy op die Suid-Afrikaanse o/20 en o/21 Kampioenskappe te Sasolburg, die goue medalje vir die 3000m hindernis gebuit het. In dieselfde item het hy, op die Colgate Byeenkoms in Welkom, derde geëindig. Die PUK is jammer om aan die einde van hierdie jaar 'n atleet met só 'n gees te verloor!

## *Sportkorrels*

**deur die Sportredakteur**

**Die eerste semester is feitlik verby. Op sportgebied was daar die afgelope ses maande dae van juig en ook die minder goeie dae.**

In hierdie blad is daar gereeld oor die sporthoogtepunte en ook die laagtepunte geskryf.

Sport word egter nie net beoefen deur top sportmanne en vroue nie. Dit is waarom daar in elke sportsoort 'n oorwinnaar en 'n verloorder is. Die persoon of span wat die spit afbyt het egter nie gaan lê nie.

Dit is verblywend om te sien dat baie sportmanne en -vroue ter wille van sport en jeugskap deelneem en nie daarna streef om slegs te wen nie. Die lojaliteit teenoor die afrigters en getroue oefening is 'n duidelike bewys van die goeie sportmangees wat daar tans heers.

Ons dirigente kon egter gedurende die twee intervarsities beter ondersteuning van die Pukmassa gekry het. Teen die Kovsies sal ons moet toon waartoe ons in staat is.

So gepraat van die Kovsies. Soos verlede jaar is hulle na hul onlangse skraal nederlaag teen Tukkies die oorweldigende gunsteling om verlede jaar se nederlaag te wreek.

Dit is net hier waar ons die knoop kan deurhak en weer met trots aan die buitewêreld kan toon dat hier op die PU nie net oor trompoppies gestry word nie.

# *Sportmanne van die Vaalriviertak*

**Die Rivierpukke spog met 'n hele paar uitblinkers op die sportveld. Hierdie mense sien, naas hulle studies, nog kans vir al die oefening wat saam met sukses gepaard gaan.**

**Marius van der Merwe:**

Marius is 'n atleet in die 100, 200 en 400 meter. In 1976 kry hy Vrystaatkleure en kry 'n bronsmedalje op die S.A. Spele. In 1977 verkry hy weer Vrystaatkleure. In 1978 word hy gekies om Wes-Transvaal te verteenwoordig waar hy hom, ten spyte van magtige opposisie, deeglik laat geld.

**Alex Lombaard:**

Alex het as diskusgooier Suid-Transvaal in 1977 verteenwoordig. Vanjaar het hy tweede plek op die PUK-byeenkoms behaal asook tweede plek in die PUK-eerstejaarsbyeenkoms. Alex is ook 'n geesdriftige rugbyspeler en het op skool sy eerstespan verteenwoordig.

**Leo van Vuuren:**

Hierdie kêrel bring ure op 'n fiets se saal deur vir oefening en dit is besig om vrugte af te werp. In 1975, 1976 en 1977 is Leo gekies as Junior Springbok. Op 10, 11 en 12 Mei is hy na Rhodesië waar hy saam met Ertjies Bezuidenhout en Bill van der Bosch aan die Dunlop-Fietstoer deelgeneem het. Dit is 'n belangrike voorbereidingswedloop vir die Rapporttoer hierdie jaar. Die kanse is baie goed dat Leo as Springbok verkies sal word. Ons wens hom sterkte en sukses toe.

Swot hard

jou posisie is

benard

